

## KAPTEIN PULVER ONDER DIE VRYBUITERS.

Harman Pulver, Kaptein van „Die Prins te Perd” is met sy stuurman Sander Gerrits in stormweer oerboord geslaan, en deur ’n Spaanse skip opgetel. Hierdie skip word toe deur vrybuiters aangeval en verower, sodat Pulver in gevangenskap geraak het.

Hy vertel hierdie lotgevalle in ’n famieliekring op die buiteplaas Heizicht, en het soos hier volg voortgegaan:

„Ons het onderseil gegaan, en dit het sowat vier of vyf vol dae geduur, dat ons in die hok opgesluit gebly het sonder om die son of maan te sien: maar, dit moet ek darem tot eer van die vrybouter en van sy kok sê. ons het, al was ons gevangene, beter kos gekry as op die Spaanse skip. Eindelik, ek glo dit was die sesde dag, het hulle ons op die dek laat hys. Ek het ’n bietjie rondgekyk om te sien waar ons eintlik was, maar julle kan my doodmaak, as ek die plek kon herken; en dit was nogal heel natuurlik, omdat ek nog nooit daar gewees het nie. Ons het aan die anker gelê in ’n seestraat, ten minste so ver as ek dit in die kort tyd kon bespeur; dit was sout water, en so helder, dat ’n mens die sand op die bodem en al die visse, wat daar heen en weer swem, kon onderskei. Regs en links ’n muur van rotse, wat na my gissing naasteby vyfhonderd voet uit die water op-

gerys het, en so steil, dat 'n mens kon dink, dat hulle net die dag tevore van mekaar gesplyt het; orals groei daar bome en struike, waar daar maar 'n bietjie grond, en 'n skeur in die rots gewees het, waaraan hulle kon vashou, terwyl die kanaal op enkele plekke so smal was, dat die takke van weerskante af mekaar geraak het. Verder was daar voëls van allerhande soorte, duiwe en houtkappers en eende en nagtegale, wat gesing het, dat dit 'n lus was, en wit reiers en swart reiers, wat hier en daar gestaan en kyk het net soos 'n konstabel voor 'n Sinterklaaswinkel. Maar ek het nie veel tyd gehad om alles noukeurig op te neem nie: ons is na onder toe gelaat in die skuitjie en 'n hele entjie van die skip af weggevoer, tot ons op 'n plekkie was, waar die water 'n klein baaitjie in die rots gemaak het. Hier was 'n landingsplaas en 'n natuurlike trap in die rots wat ons moes opklim; dit was somtyds maar net donker, want die takke en struike het so dig gehang, dat die son nie 'n kans gekry het om daardeur te skyn nie, en daar het orals kogelmanneljies geloop, so vinnig en so glinsterend as ek hulle nog nooit in my lewe gesien het nie. Nou ja! toe ons daar bo op die hoogte was, toe moes ons weer aan die ander kant af, en op die manier het ons eindelijk in 'n laagte gekom, waar die eintlike tuisplek van die seerowers was; en dit was 'n goeie skuilplek, want as jy die toegang tot die seestraat en die pad oor die rotse nie geken het nie, sou jy jarelank daarna gesoek het. Hier het hulle ons in 'n groot skuur gebring, waarvoor dag en nag brandwagte met gelaaide roers gestaan het, wat nogal mooi onnodig was, want al wou of kon ons wegloop, so het ons tog nie geweet waarnatoe ons sou gaan nie. Al-dae het hulle een van die senhores (Spanjaarde), wat met ons saam gevang was, kom haal, en dan kom hy nie weer nie. ,Hy is seker nou al koud,' het Sander dan gesê. Maar ek het gesê: ,Nee! dan sou hulle ons nie so lank kos gegee het nie; maar hulle gee jou die kans om opgehang te word of by hulle aan te sluit; dis die seerowers se

manier.' Ons het al gedink: wanneer sal ons beurt kom? Toe op 'n sekere dag kom daar 'n allerliefste juffertjie binne, 'n meisie van so 'n veertien of vyftien jaar, na my gissing, met 'n regte vrindelijke gesiggie en 'n danig netjiese tabberdjie aan. , Is hier nie Hollandse seemanne nie?' het sy in suiwer Nederduits gevra. Sander en ek het mekaar aangekyk, asof ons dit in Keulen hoor donder. , Tot jou diens,' het ons altwee gesê: , wat wil jy van ons hê?' , Wil julle so goed wees om my te volg?' sê sy toe weer, met 'n allerliefste stemmetjie. , Niks liever as dit nie,' het ons geantwoord, want ons was al baie moeg om in die stinkende skuur te sit. Sy het voor ons geloop; die wagte het die gewere vir haar presenteer, net asof sy 'n prinses was, en so het ons agter haar aangeloop oor die veld, totdat ons by 'n baie mooi somerhuis gekom het, wat tussen hoë klapperbome staan. Hier het weer 'n kêrel op brandwag gestaan, wat ons saam met haar deurgelaat het. Sy het toe 'n sydeur oopgestoot, en ons sien toe 'n man aan 'n tafel sit met 'n geblomde sis kabaai aan sy lyf, baie besig met skrywe. , Hier is die twee Hollanders,' Papa! het die juffertjie gesê. Die vreemde meneer kyk op: en dit was wrintig die seerowerkaptein.

, Wat is jou naam?' het hy gevra, terwyl hy my skerp aankyk.

, Harmen Pulver,' sê ek toe. , Wat die duiwel praat, UEd. ook al Nederlands?'

Jy kom hier om antwoord te gee en nie om vrae te vra nie,' het hy met 'n bars stem gesê, terwyl hy sy winkbroue saamtrek. , Hoe oud is jy?'

, Vyf-en-veertig jaar,' het ek gesê, terwyl ek my kop krap.

, Hoe het jy op die Spaanse skip te lande gekom?' het hy weer gevra.

, Dit sal ek u net gou vertel,' het ek gesê,—en so het ek hom die hele waarheid vertel van stukkie tot beentjie. Hy het heeltemal aandagtig geluister en my toe gevra, hoe lank ek al op see gevaar het; en of ek vrou en kinders tuis

het en al verder. Toe draai hy hom na Sandertjie toe, wat ook sy naam en sy jaar moes beken. „Sanders Gerritse, sê hy toe, jy sal vereers in my diens bly, totdat ek 'n ander bestemming vir jou gekry het. Amelia! bring die knaap agtertoe en sê vir Diego, dat hy hom 'n pak klefe moet besorg en hom sy werk moet leer.' ”

By hierdie gedeelte van Pulver se verhaal kon ek dit nie nalaat om verwonderd op te kyk nie. „Amelia,” herhaal ek, „het sy dogter Amelia geheet?”

„Ja seker, Amelia!” sê Pulver, „'n mooi naam vir die dogter van 'n rowerkaptein. Nou dit daar gelaat. Die meisie was in alle geval 'n liewe en vriendelike dingetjie: sy wip die kamer uit en Sander het haar gevolg, 'n bietjie onseker of hy reg of verkeerd doen, het dit vir my gelyk, want hy het my in sy gaan 'n keer of drie aangekyk, net soos 'n tolgaarder, wat die mense omkoopgeld in die hande gestop het, sou doen.

„Nou kom ek aan die beurt,” het ek gedink. „En jy, Harmen Pulver!” het die Kaptein gesê, „jy sal onderstuurman by my word, aangesien ek myne in die laaste geveg verloor het.” „Ek bedank jou hartelik,” het ek gesê. Toe maak hy 'n gesig, asof hy my wou opvreet. „Wat, en waarom nie?” vra hy, asof dit 'n admiraalsbaantjie was, wat hy my aangepresenteer het.

„Wel!” sê ek weer, „omdat...” en meteens snuffel ek in my broeksak, waar ek nog, nieteenstaande skipbreuk en rowers en watal, nog 'n klein sakbybeltjie gebêre het. Ek slaan dit ope: „Kyk,” sê ek, en wys hom die agste gebod.”

„En hoe het die seerower dit opgeneem?” vra ons almal as uit een mond.

„Wel! dit het nogal taamluk meegeval (soos die dronk kosmeester gesê het. toe hy met die gangtrap in die see rol). Hy het, dis waar, eers 'n bietjie stuurs gekyk, maar dit het darem indruk gemaak, merk ek. „Ek wil geen teologiese dispuut met jou begin nie,” sê hy, „anders sou ek jou kon oortuig, dat hierdie artikel” (hy het dit 'n

artikel genoem: die man was ook nie suiwer in die leer nie), dat hierdie artikel,' sê hy, , op my beroep nie toepaslik is nie. Ek is hier so goed as soewerein, meen ek,' sê hy, , en ek is in oorlog met al die nasies: maar ek hou nog altyd van die Hollanders, ofskoon hulle dit nie aan my verdien het nie.... Ek gee jou een uur om jou te besin,' sê hy, en meteens vou hy heeltemal bedaard die papier, waarop hy geskrywe het, toe, en staan op om weg te gaan.

, En as ek dit nou nie aanneem nie,' sê ek, , wat dan?"

, Dan word jy opgehang,' sê hy, op dieselfde toon, as of hy my die kens gelaat het tussen 'n sluk brandewyn en 'n glas bitters,—en hy stap die deur uit."

„Jou toestand moet alles behalwe vrolik gewees het," het ek aangemerkt.

„Gladnie!" het Pulver gesê, „maar ek het dit so half en half verwag, en my besluit het ek al geneem; want ek het gedink, 'n mens moet tog eenmaal doodgaan, en dan is dit tog beter om as 'n kristenmens te sterwe. Daarom het ek gaan sit en ek dink: ek sal my laaste uurtjie so goed as moontlik deurbring, en 'n kapitteltjie uit die Skrif lees; en terwyl ek daarmee besig was, kom die jong nooientjie weer binnegetrippel. ,Og, Kaptein,' sê sy, , vertel my tog eers iets van Holland; ek hoor so graag van Holland praat.' ,Liewe juffertjie,' sê ek, , dit sou ek met plesier doen, waarom nie? maar ek het nou so sleg tyd daarvoor, want oor 'n uur, weet jy, moet ek opgehang word, en daarom behoort ek my laaste oomblikke so te bestee dat ek my siel in 'n staat van genade bring, en om nog eenkeer aan my arme vrou en ses kinders te dink, wat ek tuis gelaat het.' En toe ek so praat, voel ek dat my oë oorloop. ,Wat?' sê sy, ,het jy vrou en kinders?' en sy het begin om met my saam te huil, die goeie, medelydende siel. ,En wie wil jou laat ophang?' vra sy, ,is dit my Pa?—Ja?—As dit so is, dan sal ek hom so lank smee en soebat, totdat hy jou genade skenk.'

, Juffertjie,' sê ek toe, , dit hang van myself af, om te bly lewe, maar dan moet ek diensneem by jou vader; en sien jy, dit kan ek nou nie somarso met my gewete ooreenbring nie.'—, En waarom dan nie?' vra sy met 'n heel natuurlike stemmetjie. , Ja,' sê ek, , omdat die rowers se werk in stryd is met goddelike en menslike wette.' Toe het sy my stip in my oë gekyk, omtrent net so stip as haar vader gedoen het. , Ek weet,' sê sy toe, snel sprekend, net asof sy bang was vir wat sy gesê het, , ek weet dit:—moenie daaroor praat nie. Jy het reg: dis net, omdat ek nie meer gewoon is om sulke waarhede te hoor nie. Lees nou maar verder, en ek sal jou nie steur nie; maar ek sal hier bly, ek moet met my vader praat: dit mag nie so afloop nie.' '

„Sonderling,” sê Henriette, terwyl sy 'n traan uit haar oog vee: „en hoe het die vader van 'n meisie wat so praat, aan die hoof van 'n rowerskip gestaan?”

„Dit is, wat ek ook al gedink het, Juffrou,” sê Pulver: „maar u sal nog meer hoor. Juffer Amelia het toe regoor my gaan sit, met haar arms oormekaar en het stip voor haar gekyk. Die uur was skaars verby, daar stap haar vader weer binne. , Wie het jou gesê om hier te kom?’ vra hy vir sy dogter, , laat ons alleen bly.’ , Nee,’ sê sy dogter: , dit sal ek nie doen nie, of pa moet my eers belowe om die man vry te laat. Hy het vrou en kinders,' sê sy, terwyl sy haar hande vou. , Laat hom gaan, liewe vader, dit sal u tog nie vir u klein Amelia weier nie?’ En so het sy aangehou, en hy het voor hom gekyk. Eindelik het dit gelyk of hy tot ander gedagtes kom. Hy neem haar toe aan die hand, sê vir haar iets in Spaans. en bring haar half gewillig, half onwillig uit die kamer. Ek het egter gehoor, dat hy haar buitekant 'n soen gegee het, en ek het gedink dat dit 'n goeie voor- teken is. Toe kom hy weer na my toe. , En nou,' sê hy, , het jy jou besluit geneem?’—, Ja,' sê ek. , En wat is dit, kortweg, sonder tekste?’ vra hy my, , Ja of nee?’ , Nee!’ sê ek.—, Dus hang?’ vra hy weer. , Nee! dit ook nie,' sê

êk, , tenminste nie met my toestemming nie! —, Jy begryp tog, ' sê hy, , dat daar geen derde keus oorbly nie. Ek kan tog nie iemand, wat eenmaal hier was, lewend laat vertrek nie, om, as hy tuiskom, my skuilplek te verklik nie.' , Hoor, weet jy wat, kaptein!' sê ek; , laat my gerus gaan, al was dit ook op dieselfde manier, as wat ek gekom het; van my besoek sal jy geen las meer hê nie, dit belooft ek jou; en om vir ander die pad te wys, dan moet ek hom tog self eers ken. Dis tog waaragtig, beter dat jy vir my my lewe skenk; jy weet nie hoe dit jou nog later kan te pas kom nie, as b.v. die Here van die Kompanjie jou op 'n goeie dag aan die nek beetkry, dan sal dit vir jou voordeliger wees as ek in jou voordeel kan praat 'as wat ek nou aan een van die bome daar ginder sou swaai.' — Dit het gelyk of hy 'n bietjie nagedink het. , Jy kan ons manier van lewe nog nie beoordeel nie,' sê hy, , 'n man moet weet, wat hy kies of wat hy verlaat.' Meteens het hy gefluit, en daar het 'n mooi jongetjie in 'n matroospakkie binnegekam. In Spaans het hy hom toe orders gegee. , Loop agter die jongetjie aan,' sê hy toe, , hy sal jou bring waar jy moet wees!' Wat sou ek anders doen? Ek het hom gesalueer en toe agter ons maatjie aangeloop. Hy het my buitetoeges bring en toe na 'n ander gebou, waar die bende, soos dit vir my gelyk het, gewoon was om hulle middagmaal te gebruik. Hier het daar 'n hoop bymekaar gekam, asof hulle van die toring van Babel gestuur was, mense van alle nasies en tale: daar was Portugese; Spanjaarde, Engelse, Italiane, Franse, Hollanders ook; tot my skande moet ek dit sê. Ek moes ook aansit, en sien hoe dit daar aangaan. Ek moet sê, die skelms het 'n tafel gehad asof dit vir 'n burgemeester was, vleis en voëls van allerhande soorte, en wyn soveel as hulle wou hê en van die beste. Ek dink toe: Pulvertjie, dis al die tyd om jou te verlei, maar hierdie slag sal dit hulle nie geluk nie. Intussen het 'n paar langs my kom sit, wat my vertel hoe goed hulle dit het onder Don Manoël (so het hulle die Kaptein genoem), en wat 'n dwaasheid ek sou

begaan, as ek nie by hulle wou bly nie; onderwyl het hulle vir my die een glas na die ander ingeskink. Maar ek het in my vuus gelag en gedink, as dit op drink aankom, dan is ek tog nie bang nie: ek het 'n maag, wat iets kan verdra, soos Vader Thomas in die komedie sê. En buitendien het ek van al die praat 'n keel gekry so droog as 'n wewer se baadjie. En kyk, my bure het altwee so smoordronk geword, dat hulle van die bank afgerol het. Toe kom daar een, wat my 'n papier wou laat teken, maar ek het dit net deftig oor die tafel gesmyt, waarop daar een was, wat my wou aanval; maar ek het hom so 'n oorveeg gegee, dat hy nie vir 'n tweede gevra het nie. Toe het hulle almal my aangeval, my vasgebind, en my in 'n hok gegooi, waar ek tyd gekry het om my uit te slaap. Die volgende môre het vier kêrels my kom haal, en het begin om 'n doek voor my oë te bind, sodat ek nie kon sien, wat hulle plan was nie. Ek het 'n onaangename gedagte gekry, toe hulle my buitentoe bring, en het gedink, dat my uurtjie nou gekom het, en so moes ek my bes doen om as 'n vroom Kristenmens te sterwe. Maar ek het skaars 'n entjie geloop, of hulle gooi my in 'n boot. Na hulle 'n tydjie geroei het, merk ek aan die wind, wat op my gesig waai, dat ons digteby die see was. Meteens word ek aan boord van 'n skip gehys. , Sou hulle my nou op seemans-manier aan die dwarsmas gaan ophang?' dink ek: maar dit ook nie. Hulle het my tussendeke gebring; ek het toe gehoor hoe hulle die anker lig, en ons het van die oewer af weggetrek. Dit het seker twintig dae geduur eer die reis op sy end was, en ek het al die tyd onder moes bly, sonder dat ek een enkele maal op dek mog kom, en sonder dat iemand boe of ba teen my gesê het: julle kan self dink of ek nie moeg daarvan was nie. Eindelijk het hulle die anker laat val; toe het hulle my oë weer toegebind, my in die boot gelaat, en aan wal gebring. Toe die doek van my oë afgeneem word, sien ek, dat ek in 'n klein bossie was, maar waar, dit wis niemand nie. Een van die rowers wat Hollands gepraat het, het naas my gestaan en

my 'n geldsakkie in die hand gestop. ,Vat dit,' sê hy: , en maak nou dat jy wegkom. Jy kan maar die eerste pad, wat jy kry, volg om by mense te kom. Maar as jy altemit op die een of ander tyd ons sou herken, wees dan versigtig, dat jy ons nie verrai of agter ons aangaan nie, of . . .' toe maak hy 'n beweging, wat ek baie goed begryp het. . . Jy 'behoef nie bang te wees nie,' sê ek, , en goeie reis' (soos die man, wat aan die baai was, vir die laaie gesê het). Hulle loop toe dadelik weg; en ek het daar alleen bly staan net soos 'n mal ding. Maar ek het gedink, ek sal die ander pad vat, en het toe dwarsdeur die bossies geloop, baie nuuskierig om te sien, waar ek sou uitkom tot ek by 'n soort van huisie kom, waar ek 'n paar negers kry, wat my reggehelp en na Havana gebring het, want ek was nie eers twee geweerskote daarvandaan af nie.

Ek kuier toe op my gemak in die stad in, en het gou 'n plek gekry, waar ek onder dak kon kom, by 'n ou landsman van wie ek wis, dat hy daar woon. , Nou, kaptein Pulver,' sê hy, toe hy my daar sien, , hoe kom jy so onverwags uit die lug geval?' ;Geduld, ou maat,' sê ek, , dit sal ek jou naderhand vertel.' Die volgende dag het ek gaan rondkuier. 'n Paar kooplui, wat ek op my pad ontmoet het, het ek gemeen moes twee van Don Manoël se mense wees, en 'n netjies uitgeruste en met koper beslae skuitjie met 'n Portugese vlag, wat in die baai gelê het, het by my snaakse vermoedens laat opkom, maar ek het goed opgepas om my mond toe te hou solank as ek daar moes bly, wat gelukkig nie so lank was nie. 'n Paar dae later het daar geleentheid gekom om na Curaçao te vaar, waar ek , Die Prins te Perd' wat net anker wou lig, met 'n gelukslag nog gekry het. En nou kan julle dink, hoe hulle almal gestaan en kyk het, toe hulle my weer lewendig kry, want hulle het nie anders gedink nie, ek het uit dié groot spoelkom gedrink. Nou vra ek julle, of Kaptein Pulver nie snaakse ondervindings opgedoen het nie."

J. VAN LENNEP.—*Ferdinand Huyck.*

## OU BILLIE.

Billie was naby 'n groot dorp gebore. Sy moeder was 'n aktriese, en het altyd in die sirkus haar kaskenades uitgehaal. Hy was ook al net vinnig op koers om haar na te aap. Hy sou nog eendag 'n goeie speler word. Toe hy nog maar nege maande oud was, kon hy al op 'n rywiël met drie wiele rondry.

Hulle het hom ook allerhande ander dinge geleer, maar waar hy die meeste van gehou het was om op die motorkar te ry. Partykeer gaan sit hy ook nogal by die wiel net asof hy die kar wou stuur, en dan moet jy sy bakkies sien! Jy sou sê hy is die baas vanself. Billie het tussen manne en vroue groot geword en het baie vrinde onder hulle gehad. Hulle het hom altyd gestreel en suikerklontjies of ander lekkergoed gegee. Die outjie was dan ook taamlik vet en het by die tweehonderd pond geweeg. Hy het nogal gelukkig en tevrede gelyk, maar soms was hy net 'n bietjie rusteloos. Net soos seuntjies partykeer doen, kon hy ook somar die veld instap, glo om te kyk wat daarlangs aangaan. Hulle moes hom dus goed oppas, want hy het somar losgeloop.

Eenkeer het hy hulle ontglip. Ongelukkig het hy die dag te ver tussen die bosse en randjies rondgestap. Hy was omtrent 'n uur weg toe hulle dit agterkom. Daar was 'n hele opskudding, want hulle kon hom nêrens vind nie. Almal het spyt gehad dat hy weg was en elkeen begin te soek. Vir myle en myle het hulle rondgesoek, maar teen die aand moes hulle sonder Billie omdraai. Die volgende dag het 'n paar persone, wat nie gewerk het nie, weer uit-

gegaan. Die hele dag het hulle gesoek en die daarop volgende ook, maar die outjie was weg. Hulle was al bang dat hy heeltmaal weg of dalk deur 'n jagter doodgeskiet sou wees.

Die vierde dag het Billie se baas alleen gaan soek. Sy plan was om ver te gaan en daarom het hy sy motorfiets geneem. Hy het myle ver gery, maar kon geen spoor van die dier kry nie. Hy het al moed opgegee en was juis van plan om terug te gaan huistoe, toe dit hom byval hoe graag Billie op 'n motorkar ry. So gou hy dan die geluid van die horing hoor, kom die outjie gewoonlik om op te klim. Dadelik begin hy te raas met die horing van die motorfiets, dat dit somar so dreun in die bosse. Hy hoor of sien niks. Dan ry hy 'n ent verder en begin weer. So het hy seker meer as twaalfmaal aangehou. Daar hoor hy iets roer tussen die bosse. Eers kon hy nie presies uitmaak waar dit vandaan kom nie, maar naderhand sien hy deur 'n opening iets swarts en harig in 'n boom. Hy herken dadelik die beer. Die outjie sit en rondkyk net of hy soek waar die geluid van die horing vandaan kom. Toe begin hy af te klim. Sy baas wis dat hy die geluid gehoor het, maar hy hou maar aan met raas.

Die baas wou nou al te graag sien wat die beer sal doen. Eers was hy van plan om sy viervoetige vriend ingemoet te hardloop en te omhels, maar naderhand het hy besluit om weg te kruip en te kyk wat die beer sal doen. Hy stoot die motorfiets terug sodat Billie hom nie kon raak sien nie en maak weer 'n geraas met die horing. Die outjie staan aan die voet van die boom en probeer om uit te vind waar die geluid vandaan kom. Die man raas weer lank en luid, en kruip toe agter 'n bos weg vanwaar hy kon sien.

'n Rukkie daarna en daar kom die outjie op 'n sukkeldraffie aan. Hy kyk 'n bietjie rond en sien die motorfiets. Op sy tyd stap hy daarheen, ruik daaraan en lyk so te-

vrede dat hy op sy agterpote gaan staan en met sy voorpote daaraan vashou. Eers dog die baas die beer gaan wegry, maar hy het nie; want hy staan en rondkyk net of hy na die baas soek.


-Daar ruik hy die kos. Net 'n rukkie tevore het sy baas die kos daar reggesit om self te eet. Die beer is ook nie links nie en begin homself te help. Aan die manier waarop hy dit verslind was dit duidelik dat hy baie honger het. Hy het waarskynlik in die vier dae maar min voedsel gekry. Die man het hom so jammer gekry dat hy hom maar doodstil laat begaan het.

Toe hy klaar geëet het, het die baas uitgekom. Die een was so bly as die ander. Op 'n draffie het hy al agter die motorfiets huistoe gehol. Hy was self ook maar bly om weer tuis te wees en het nooit weer weggeloop nie.

## DIE DOOD VAN MARIA STUART.

Dinsdag, die 7de Februarie, het die twee grawe op Fotheringay aangekom en het versoek om die koningin te sien. In haar teenwoordigheid het hulle 'n geskrif voorgelees, waarin die uitvoering van die doodvonnis beveel word. Hulle het geëis dat sy haar moes voorberei om die ander oggend te sterwe. Maria het dit sonder onsteltenis tot op die end aangehoor, en nadat sy haar gekruis het in die naam van Vader, Soon en Heilige Gees, het sy betuig: „Die siel, wat smart gevoel, omdat die liggaam die slag van die laksman moet verdra, is die vrengde van die hemel nie werd nie; en, al het ek dit nie ver wag, dat die koningin van Engeland die eerste voorbeeld sou gee, om die geheiligde persoon van 'n oppermagtige vorstin te skend nie, onderwerp ek my gewillig aan die lot wat die Voorsienigheid op my gelê het.” En terwyl sy haar hand op 'n Bybel slaan, wat by haar lê, het sy plegtig verklaar, dat sy onskuldig was aan die sameswering, wat Babington teen die lewe van Elisabet gesmee het. Toe het sy nog gepraat oor die versoek in haar laaste briewe aan Elisabet, maar het geen bevredigende antwoord gekry nie. Met 'n besondere erns het sy die bede uitgespreek dat haar kapelaan haar in haar laaste oomblikke mag vergesel, en sy so die troos kan geniet van die instellings, wat haar godsdien vir haar voorskryf. Maar selfs hierdie guns, wat selde aan die snoodste misdadigers geweier word, het hulle haar nie gegun nie.

Gedurende die onderhandeling het die tranê in die oë van haar oppassers gestaan, en hulle het, al was hulle ook baie bevrees vanweë die teenwoordigheid van die twee grawe, hul boesem-smart skaars kan onderdruk.



Maar net toe Kent en Shrewsbury weg was, het hulle na hulle meesteres toe gevlie, en het uitgebars in die sterkste betuiging van tederheid en rou. Nieteenstaande al die gehuil en gejammer het Maria nie alleen kalmte van gees bewaar nie, maar het ook probeer om die smart van die ander, wat oormatig was, te laat bedaar. Sy het op haar knieë geval, en met haar huismense het sy die hemel gedank, dat haar lyding nou amper op 'n end was, en het sy gesmeek, dat sy in staat mog wees, om wat daarvan nog oorgebly het, op 'n behoorlike manier en moedig te verdra. Die grootste gedeelte van die aand het sy deurgebring met die reëling van tydelike sake. Met haar eie hand het sy haar testament geskrywe. Haar geld, haar juwele en haar klere het sy onder haar bediendes uitgedeel, volgens hulle rang of verdienste. Aan die koning van Frankryk het sy 'n kort briefie geskrywe, en ook een aan die hertog van Guise, vol van tedere, maar tegelykertyd grootmoedige uitdrukkings; haar siel het sy aan hulle voorbidding aanbeveel, en haar bedrukte bediendes aan hulle beskerming. Sy het die aand, volgens gewoonte, matig geëet, en by die ete nie alleen rustig, maar selfs vrolik gepraat; sy het die gesondheid van elkeen van die bediendes gedrink, en het hulle om vergiffenis gevra, as sy miskien ooit haar plig teenoor hulle versuim het. Op haar gewone tyd het sy bed toe gegaan en het 'n paar uur gerus geslaap. Vroeg in die oggend het sy in haar binnevertrek gegaan en het 'n hele tyd aan godsdiensoefeninge bestee. Om aguur het die hoofbalju met sy dienaars in haar kamer gekom en haar nog voor haar altaar neergekniel gekry. Dadelik het sy opgestaan en met 'n vorstelike houding en 'n onverskrokke, ja selfs 'n vrolike gelaat het sy na die plaas gegaan waar die straf voltrek sou word, leunende op twee van Paulet se bediendes. Sy was in rougewaad gekleed, dog met 'n swier en prag, wat sy al lank afgelê gehad het, uitgenome op enige weinige feesdae. 'n *Agnus Dei* het met 'n ketting aan haar hals gehang, 'n rosekrans aan

haar gord, en in haar hand het sy 'n kruis van ivoor gedra. Onderaan die trap het die twee grawe haar ontvang, vergesel van verskeie edelmanne uit die buurt; hier het hulle vir Sir Andrew Melvil, haar huisbesorger, wat haar vir enige weke nie mag gesien het nie, toegelaat, om haar 'n laaste vaarwel te sê. Toe hy die meesteres, wat hy so teer bemin het, in so 'n toestand sien, het hy in trane uitgebars. Maar toe hy haar toestand so bejammer en homself bekla het oor sy harde lot, om die tyding van so 'n treurige gebeurtenis na Skotland te moet oorbring, sê Maria: „Moenie huil nie, my dapper Melvil, jy het op die oomblik meer rede om jou te verheug. Jy sal vandag Maria Stuart verlos sien van al haar sorge, en jy sal aanskou dat daar so 'n end aan haar lyding gemaak word, as wat sy al lankal verwag het. Wees getuie dat ek standvastig in my godsdiens sterf, vas in my getrouheid aan Skotland, en onveranderd in geneetheid vir Frankryk. Praat goed van my by my seun. Sê vir hom, dat ek niks skandeliiks gedaan het nie vir sy koninkryk, vir sy eer, vir sy regte. Mog God almal vergewe wat sonder oorsaak na my bloed gedors het.”

Met baie moeite en smEEK het sy van die twee grawe verlof gekry, dat Melvil met drie van haar knegte en twee van haar diensmaagde haar op die skavot vergesel het. Dit was opgerig in dieselfde saal, waar sy voor haar regters gestaan het, 'n bietjie hoër as die vloer, en die stoel, die kussing en die blok was met swart laken beklee. Maria het vlug die trappe opgeklim, het al die voorbereidings vir die doodstraf met 'n rustig gelaat aanskou, en toe het sy, nadat sy 'n kruis gevra het, in die stoel gaan sit. Beale het die lasbrief van die strafuitvoering met 'n verhewe stem ge lees; met 'n onagsame houding het sy geluister, net soos iemand wat met ander gedagtes besig was. Toe het die deken van Peterborough met 'n godsdienstige toespraak begin, toepaslik op Maria haar teenswoordige toestand, en het die Hemel gesmeek om haar genadig te wees; maar sy het verklaar, dat sy ge-

wetenbeswaar het om na die eerste te luister, en dat sy haar met die laaste nie kon verenig nie; toe het sy op haar knieë geval en 'n gebed in Latyn opgesê. Nadat die deken sy godsdienstige verrigtinge geëindig het, het sy met 'n hoorbare stem en in die Engelse taal die treurige staat van die kerk aan God aanbeveel, om voorspoed vir haar seun, en 'n lang lewe en 'n vreedsame regering vir Elisabet gebid. Sy het betuig dat sy alleen op genade hoop deur die dood van Kristus, aan die voet van Wie se beeltenis sy nou gewillig haar bloed gaan stort. Terwyl sy die beeld van Kristus aan die kruis opgelig en gesoen het, het sy dit op die volgende manier toegespreek: „Gelyk U arms, o Jesus, aan die kruis uitgestrek is, ontvang my net so in die uitgestrekte arms van U genade, en vergeef my my sondes.”


Hierop het sy haar klaargemaak om haar hoof op die blok te lê deur haar sluier en owerkleed uit te trek. Een van die beule, wat haar op 'n ruwe manier wou help, het sy bestraf, en hom gesê, dat sy nie gewend was om haar voor soveel toeskouers uit te trek nie, en ook nie om van sulke bediendes bedien te word nie. Met 'n bedaarde en onbesweke dapperheid het sy haar hals op die blok reggelê; en terwyl een van die beule haar hande vasgehou het, het 'n tweede, met die tweede slag, haar hoof afgekap. Wat sy op haar hoof gehad het, het afgeval, en die mense kon sien, dat haar hare van hartseer en sorg al heeltemal grys geword het. Die beul het die hoof, waarvan die bloed afgeloop het, in sy hand gehou; en die deken het uitgeroep: „Mog al die vyande van die koningin net so vergaan!” Net die graaf van Kent het daarop Amen gesê. Die orige toeskouers het geswyg en gehuil, want hulle was toe nie vatbaar vir enige ander aandoening nie, dan die van medelyde en verbaasdheid.

Dis die treurige einde van Maria, koningin van Skotland, na 'n lewe van vier-en-veertig jaar en twee maande, waarvan sy amper negentien in die tronk geslyt het.

WILLIAM ROBERTSON, D.D.—*Geskiedenis van Skotland.*

## JONK EN OUD.

Wat jonk is, kyk deur 'n vergrootglas;  
 En oud, deur 'n donkere bril—  
 En geen van die twee is die regte,  
 Maar dit maak 'n magtig verskil.  
 Wat jonk is, die leef in die sonlig,  
 Wat oud is in treurige nag,  
 En die een verstaan nie die ander:  
 Dit het baie twis al gebrag.  
 Dit pas oues nie om te brom nie  
 By die sien van die vrolike jeug;  
 Dit pas nie vir jonges, te spot nie,  
 As hul sien daardie stemmige deug.  
 Die wat jonk is moet liever help lig maak  
 Die oues hul drukkende las;  
 Wie oud is, moet tog verontskuldig,  
 Die blydschap, wat jongeres pas,—  
 En so steun die een dan die ander,  
 En altwee hou hulle dan moed;  
 En kweek die geluk van die lewe,  
 En maak dit vir altwee ook goed.  
 En hand aan hand kan hulle reis dan  
 Die glibb'rige lewensbaan,  
 En kom netnou met mekander  
 In beter geweste aan.  
 Die jeug strek die oues tot ere,  
 Die oues is die trots van die jeug;  
 En beide behoer hulle same  
 Tot krag, en tot steun, en tot vreug!



### 'N WONDERBARE BEVRYDING.

In die tyd van die middeleeue, toe die publieke veiligheid nog maar baie gebrekkig was, het daar in Henegoue 'n aansienlike meneer gewoon, Jan van Chimay, 'n groot liefhebber van die jag. Eenkeer het sy jagywer hom oor sy eie jaggebied gevoer, op die van die naburige stad Couvins, waarmee hy in vyandskap geleef het. Dit het gelyk of die burgers van die stad op hom geloer het; hoe dit ook mag wees, nouliks was hy op die vyandelike grond, of hulle het hom gegryp, hom na 'n afgeleë kasteel gevoer, en daar in 'n diep kelder onder die toring opgesluit. Dit alles het so stilletjies gebeur, dat net die wat dit gedoen het iets daarvan wis. Elke dag het hulle vir hom 'n bietjie water en brood gebring, meer om hom langzaam te laat sterwe, as om hom te voed. Sy vrou en sy vrinde, nadat hulle lank tevergeefs na hom gesoek het en hom verwag het, het geen ander gedagte gehad nie, dan dat hy deur rowers vermoor of deur wilde diere verskeur was. Die gat, waarin die gevangene gesug het, was in 'n rots uitgekup, waarop die toring gestaan het, en 'n klein opening, wat deur 'n spleet in die rots gevorm was, het 'n bietjie lig en lug laat indring. Aan die voet van

die rots was 'n vlakke. Daar het eendag 'n klein skaapwagtertjie hom met 'n pyl en boog vermaak. Plotseling kry hy dit in sy kop om na die spleet in die rots te mik, en, na enige vergeefse poginge, geluk dit hom werklik die pyl in die opening in te skiet. Om nou sy pyl weer uit te kry, het hy sy arm so ver as moontlik in die spleet in gesteek. Jan van Chimay het die arm gegryp en vasgehou. Die jongetjie, dodelik verskrik, het hard om hulp geskree; maar die gevangene het hom gerusgestel, hom na sy naam gevra en toe vir hom gesê: „Loop gou-gou na jou vader, en sê vir hom, dat hy vir my skryfgereedskap moet bring. Maar niemand in die wye wêreld mag iets daarvan bemerk nie.” Die jongetjie het stip die bevel uitgevoer. Die graaf het toe aan sy vrou geskrywe, waar hy was, en het haar versoek om sy getroue dienaars en sy vrinde bymekaar te maak, en die kasteel, waar hy gevangengehou word, in te neem.

Die vader van die jongetjie het dadelik na die gravin toe gegaan, en aan haar die brief oorhandig. 'n Mens kan dink hoe ontsteld en verblyd die vrou was. Dadelik het sy, haar gehaas om aan die versoek van haar man te voldoen, en na die kasteel toe op te trek. Toe so 'n groot bende die stad nader, het die inwoners van Couvins om genade gesoebat, en hulle het die gevangene aan sy vrou uitgelewer. Maar in watter toestand,—sy hare het wit geword, klere was amper aan sy liggaam vergaan en hy was so verswak, dat hy nie meer kon loop nie. Deur die goeie sorg van sy vrou het hy gou sy kragte weer gekry. Hy het die inwoners van Couvins die leed, wat hulle hom aangedaan het, vergewe, maar hy het geëis dat die kasteel tot op die grond moes afgebreek word. Die klein skaapwagtertjie en sy vader het natuurlik 'n ruimskootse beloning gekry.

## GERMAANSE REGSPLEGING.

Die regspraak is nog nie op 'n end nie. Die beskuldiging, wat nou ingebring word, lyk ernstig, want die voorhoofde kry rimpels, en die winkbroue word saamgetrek. Met verbasing kyk jy op, want as jy so-ewe die regters herken het, nou herken jy die beskuldigde: dis die driftige, onbarmhartige man wat in die waansin van sy toorn, sy mishandelde vrou op 'n wrede manier laat straf het. Nou staan hyself voor die regter en die misdaad waarvan hy beskuldig word, bring niks minder as 'n groot skande oor hom nie, en sou hom heeltomal eerloos maak. Hy is saam gewees met die bende wat uitgetrek het om hulp te verleen. Dat hy nou op die slagveld 'n gulsige gebruik maak van die kos, wat die vroue aangebring het, sal ons aan sy groot maag nie verwyf nie. Dat hy in daardie uur hom te buite gegaan het aan die gebruik van sterk drank, daarvan kan die oorsaak wees, dat hy vreeslik dorstig was. Dat hy by 'n nuwe aanval sy wapens gebruik het as 'n slingerende dronkaard, daarvoor is hy aan sy eie lyf verantwoording skuldig; maar dat hy in die heetste van die geveg uit die gelid tree, en die vinnige aanstorm van die vyand al wykende ontvlug, en in die vlug sy skild weggooi.....dit is 'n daad, waarmee hy die eer van sy stam tekort gedoen, en die krygsroem van almal verdonker het.

Hier staan nou die beskuldiger wat hom aanklae; hier staan die getuie, wat die saak met hulle eed bevestig, sewe in getal; wie sal die misdadiger nog verontskuldig?

Dis net verniet dat hy terugwys op vroeëre dapperheid, en nou sy onmatige drink as ekskuus voorbring, so 'n vergryp mag nie voorkom nie.

En die uitspraak van die regters is eenparig as volg: Hy word uitgesluit van die gemeenskaplike offer, hy mag nie meer in die vergadering van die vry manne verskyn nie, hy is eerloos.

Die kring waarin hy staan, word meteens groter omdat almal rondom hom hulle voete wegtrek van die grond af. Dit is die voorspel van wat hom in die toekoms te wagte is: net soas hy nou op die ope veld alleen staan, staan hy van nou af in die hele stam alleen. Sy famielie skaam hulle vir hom, sy vrinde gee hom op, sy bekendes gaan uit sy pad, hy is 'n balling in die middel van sy volk, en sy erf staan op 'n woeste plaas in die bewoonde vlakte.

Hy gaan op die jag, en sy maats is die slawe. Die vry man, wat hom op die veld of in die woud ontmoet, draai van hom af weg, en gaan 'n ander pad en roep sy honde van die eerlose man af weg. Hy gaan visvang, en sy maats is weer slawe. Die vry man, wat deur die golwe in sy buurt gebring word, gryp haastig die roei om van hom af weg te kom, en maak die ruimte wat hulle van mekaar skei, so breed as moontlik. Hy dobbel en sy maats is nog eenkeer slawe. Geen vry man sit sy voet oor sy drumpel, of nog liever—kom nie eers in die nabyheid daarvan nie.

Hy dwaal oor die dorpsgrond rond. Onder die skaduwee van 'n lommerryke lindeboom, waar die bye om die geurige bloeisel gons, sit 'n paar vroue bymekaar, besig met koring te breek, party in 'n vysel met 'n stamper en ander tussen twee klippe. Hy kom naderby, maar hulle slaan moedswillig geen ag op hom nie. Hy praat en groet, niemand van hulle gee eers antwoord nie. Hy prys die manier waarop die skottel gemaak is, en die hooghartige vrou, waar dit aan behoort, neem die ding somar en gooi dit ver van haar af weg, sodat dit in stukke uitmekaar spat.

Op 'n ander plek speel seuntjies met 'n melkbok. Hy kom na hulle toe, praat vrindelik met hulle, en paai die gesig van een van die kleinstes. Skielik kyk een van

die oudste seuns hom opmerkzaam aan.—, „Dis die man wat ons vaders tussen hulle uit weggeja het,” roep hy uit, en so verskrik asof hulle ’n wolf gesien het, loop hulle almal van hom af weg, en sleep die bok ook met hulle saam.

Dis weer die tyd, dat die mense aan hul koning ’n gedeelte van hul presente bring, waarvan hy moet leef. Daar word vir hom ’n swaar os gebring, mooi van vel, met blonde horings; ’n mooier gif het hy nog nooit gekry nie. Daar verneem hy waar die mooi dier vandaan kom, en met ’n koue geringskatting gebied hy sy slawe: „Bring aan die man sy gif terug, ek wil nie iets wat besmet is uit die hand van ’n eerlose hê nie!”

So is die rampsalige man net soos een wat lewendig begrawe is onder sy eie mense. Daar is geen oog wat vrindelik na sy oog kyk nie; daar is geen hand wat sy hand vrindskaplik druk nie; daar is geen voet, wat gesellig met sy voet saam loop nie. Orals teësin, terugstoting, veragting. Selfs as hy net dink is dit of hy gepynig word. Sal hy sy gedagte uitspreek teen homself, teen hom, na wie se woorde niemand wil luister nie?

Hy probeer die skerp dorings van sy kwelling in dronkenskap verdoof, maar na elke uitspatting word hy veragteliker.

Hy is ’n spook geword, wat rondloop onder die lewende mense, maar vir wie die lewe eintlik nie plek meer het nie.

En op ’n goeie dag het hy verdwyn.

Waarnatoe? Op die vraag word daar geen antwoord gevind nie. In die stroom, wat die grens is van die dorpsgrond, het daar ’n lyk gedrywe, deur die golwe toegedek en weggespoel, dit was die lyk van ’n selfmoorde naar.

W. J. HOFDIJK.—*Ons Voorgeslacht.*

## DIE OOIEVAAR.

Die kinders, vernaamlik die wat in die Oranje Vrystaat woon, weet, dat daar in die somermaande 'n voël in die veld rondstap, wat 'n mens in die winter nie sien nie. Hy is 'n taamlik deftige meneer, omtrent 18 duim hoog; hy het 'n lang rooi bek, 'n wit bors hemp, swart broek en rooi pote. Ons noem hom die groot sprinkaanvoël, maar sy naam is eintlik ooievaar. Vroeërdae het die mense hom odebaar genoem, wat skatdraer beteken. Let maar op die woord ood in klein-ood, en baar verstaan julle natuurlik almal: dit beteken mos 'n ding, waarop mens iets wegdra. En waarom het die mense die voël so 'n wonderlike naam gegee? Hulle sê die ooievaar bring geluk aan. In die lande waar die voël broei, ver aan die anderkant van die groot see, maak die mense vir hom 'n plek bo-op hul dak of op 'n hoë paal in die veld, en daar maak hy sy nes. Niemand steur hom of probeer om hom te skiet nie; elkeen is maar te bly as hy weer die ooievaar sien; want hy kom weer terug as die koue winter verby is. En die winter in Europa, kinders, is heelwat anders as hier by ons. Daar is die dae dan baie kort, die son kom om aguur op en gaan om vieruur al weer onder; die lug is donker en grou, en soms duur dit weke aanmekaar, eer 'n mens die lieve son weer sien. Die skole word met kaggels verwarm, wat die hele dag moet brand om die koue buitekant te hou. Die strate is vol sneeu en ys en die arme kindertjies, wat skooltoe moet gaan of weer terug huistoe, het dit maar bitter swaar en moeilik.

Nou ja, in daardie koue lande, Holland en Duitsland, kom die ooievaar elke jaar so teen Maartmaand. Dink nou net dat hy van die Vrystaat af moet vlie na Hol-

land toe, omtrent vyfduisend myl ver, en in Oktober kom hy weer dieselfde distansie terug. Die mense weet dit baie goed; want eenkeer het hulle hier 'n paar van die voëls gevang, wat ringe om hul pote het met die naam van 'n dorp in Europa daarop. En waarom sou hy dan so ver heen en weer vlie? Dit is waarkynlik omdat



hy alleen na die plekke toe wil gaan, waar die meeste kos is. Hy lewe van paddas en vissies en die is in die Europese lande volop. So gou as die winter in Europa verby is en die waters weer oopgaan, dan is hy daar, en as die weer koud word, weet hy, dat die ys netnou die waterslote en damme sal toemaak, dat die paddas dan onder die modder inkruip en dat die visse

dan ook weg is, en dat hy dan van honger sal moet doodgaan, as hy nog langer bly. Daar trek hy weer na warmer lande toe, waar hy weer kan kos kry. Ons swaweltjies maak ook so. Hulle lewe van insekte en in die winter is dit ook maar skaars. Die soorte voëls, wat so heen en weer trek, noem mens trekvoëls.

In Maart kom die ooievaar dus in Europa aan. Bo-op die dak of in 'n hoë droë boom, en partykeer op 'n skoorsteen, bou hy sy nes. So 'n skoorsteen moet natuurlik 'n soort van dakkie hê om die reën af te keer. Die voël en sy maat vlieg rond om takkies en strooi op te tel, en gou-gou het hulle die nes daarmee klaar. Die kuns om te bou verstaan hulle maar sleg; hul nes lyk baie soos die van 'n hamerkop, maar is nie so groot nie. Daar in die hoogte lê die wyfie die eiers, twee of drie in getal, en broei dit dan uit. Die mannetjie moet rondvlie en kos-soek. As die kleintjies uitgebroei is, dan begin die lewe eers swaar te word, want die outjies het altyd honger en is altyd klaar om te eet. As daar net twee is gaan dit gewoonlik goed, maar as daar ongelukkig drie uitgebroei is, kom daar netnou een van bo af, so woel die kleinspan ondermekaar. Die arme outjie wat afval kan natuurlik nie weer bo kom nie en sterf van koue en honger. So teen sonder hou die ou voëls op met vlie en sing hulle hul aandgesang. Nou is dit wonderlik dat hulle nie 'n stem het nie, maar alleen 'n soort van geraas met hul snawels maak. Hulle maak dit oop en toe en veroorsaak 'n klapperende geluid; dan sê die kinders: die ooievaar gaan nou slaap; hoor, hoe klapper hy!

As die kleintjies bietjie groter is, gaan hulle skooltoe, dit wil sê, hulle moet leer vlie. Hulle staan op die rand van die nes en is bang om daar af te spring. Pa of ma stoot hulle dan daar af, maar voor hulle grondvat is die ou voël by en vlie onder hom in, sodat hulle nie kan seerkry nie. Kan hulle nou vlie, dan gaan hulle


saam met die oues uit om te leer om vissies en paddas te vang.

Nou is hulle volleerd, en so stadigaan word dit tyd dat die groot reis na die suide toe moet begin. Op 'n wye vlakke kom al die ooievaars van die land bymekaar en daar word al die oues en swakkes uitgesoek, wat die ver reis nie kan meemaak nie. Hierdie ou en swak voëls word dan deur die ander doodgemaak. Dis maar 'n harde lot, maar tog is dit beter so. As hulle in Europa agterbly, sou hulle van koue en honger sterf.

Van 'n sekere moeder ooievaar word 'n mooi geskiedenis verhaal. Sy het 'n nes met kleintjies bo-op 'n huis gehad en die huis raak aan brand. Die vlamme slaan al op die dak uit en niemand kon meer by die nes kom om die kleintjies te red nie. Toe probeer die moeder om die kindertjies te dra, maar hulle was te swaar; ook het sy probeer om hulle te leer vlie, maar hulle was nog te swak.

En toe alles vergeefs was, vlie sy nie weg soos 'n lafaard om haar eie lyf te bêre nie, nee! sy gaan op die kleintjies sit om hulle, solank as moontlik kan, teen die vlamme te beskerm, en laat haar so met hulle saam verbrand.

Is dit nie edel nie, wat dink julle?



### MY KINDERJARE.

Daar was in Sevenaar 'n Hervormde en 'n Rooms-Katolieke skool. Toe ek op die Hervormde skool gekom het, vind ek daar ook baie Roomse. Bewende het ek, toe ek nog 'n klein seuntjie was, daarheen gegaan, want baie maats het my daar omring, en hulle het alles gedoen wat hulle kon om die klein seuntjie bang te maak. Daar was in die skool ook jets verskrikliks; altyd het die meester die stok geswaai, en onbarmhartig die ondeunde jongetjies geslaan. Die skoolure was vir my angstige ure, en bewende het ek altyd die meester sien kom. Maar die tyd het verbygegaan toe die ondeundste jongetjies die skool verlaat het, en die skoolmeester sy natuurlike karakter weer aangeneem het. Langsamerhand het ek vertroue in hom gekry; hy was met my tevrede omdat ek vlug geleer het, maar ek het nooit een van sy lieweling geword nie, omdat ek so sleg geskrywe het. Altyd het hy my as 'n voorbeeld van slegte skrif aan die kinders voorgehou, en toe ek dit oplaas nie meer kon hou nie, het ek my uiterste bes gedoen om netjieser te skrywe. Maar al het my handskrif beter geword, die mening van my meester het nie verander nie. Daardeur het my ywer verbygegaan, en al het ek later my bes gedoen, so het ek dit nooit verder gebring as tot 'n taamlik duidelike, maar net maar leesbare handskrif. Nog dikwels het ik later gedink, hoe-

veel beter dit tog is om op 'n aanmoedigende manier te berispe, dan om altyd af te keur.

Buite die skooltyd was daar gelukkig ook nog speelure. Gewoonlik het ons almal, arm en ryk, op die kerkhof gespeel. Dit was sulke uitstekende oefenskole om te sien wie die handigste was; ek het in gouigheid kort gekom maar in die lus om te speel was niemand my baas nie. Watter aangename herinneringe het ek altyd nog van die spele van my kinderdae. Hoe handig was ons tog in die maak van fluitjies; hoe goed het ons verstaan om by die balspeel die twee partye gelyk te laat wees! Die jeug vorm hulle die beste as hulle op die gewone manier in die volkslewe ingaan, want terwyl 'n mens speel te midde van sy tydgenote, leer 'n mens 'n oog kry vir die lewe van jou volk. Hoe goed is tog die spele van 'n kind, vernaamlik omdat die kind dit self maak, kies en verbeter; hoeveel kennis kry hy daarby van die lewe, soos dit werklik is; hoeveel praktiese lesse, wat naderhand nooit vergeet word nie. Wat sou 'n mens beter kan uitvind om die liggaam te oefen as die praktiese opmekaar volg van die kinderspeletjies wat elke keer hulle vaste tyd het in die jaarlikse gereelde terugkeer; en vir die vorming van 'n kind kan 'n mens niks beters uitdink nie, want waar kry 'n mens meer karakterkennis as by die spel?

Ek herinner my nog hoe ek na kerktyd op 'n Sondagoggend rondgeloop het op die speelplek van die kinders, en 'n klompie jongetjies gesien het, wat met albasters speel. Ek het somar gestaan en kyk. Een jongetjie was die oggend buitengewoon gelukkig. Hoe die potjie ook uitdraai, hy het altyd die pot gekry. Die ander jongetjies het alles gewaag en alles verloor, en het van droefheid amper gehuil. Eindelik het die gelukkige jongetjie aan die ander gesê, „Hoor nou hier, maters, hou maar gerus op, want ek weet, julle speel tog verniet teen my.” „Wat is dit dan wat jou altyd die geluk gee en vir ons die ongeluk?” het hulle gevra. „Die kerkgeld,” het hy op 'n

ernstige manier gesê. Almal het stilgebly. „Ja,” het hy voortgegaan, „ek weet dit goed, julle steel die kerk-geld, wat julle moeders vir julle meegee het; en dit het julle vanoggend nog gedoen, en julle het julle leë hande in die sakkie gesteek; daar rus geen seën op hom wat dit doen nie, en op sy spel ook nie. Ek gee altyd my kerk-geld eerlik vir die arm mense, soos ek behoort te doen, en daarom is dit net verniet dat julle teen my stry.” Almal het stilgebly en op die manier hulle skuld bely. By my het toe vir die eerste keer die gedagte opgekom; daar is ’n vergelding! Dis seker ’n groot gedagte in die siel van ’n jongetjie; soveel groter nog omdat die daad aan die woord voorafgegaan het. Ek moet bely, dat nie die skool en ook nie die kerk hierdie indruk op my hart kon maak nie: geen preek, geen sedelesse, geen vermaninge het so diep in my hart gedring as hierdie woord. Daar is vergelding—’n groot gedagte, wat my gevolg het my hele lewe deur, en wat my in die tyd nog in die ewigheid sal verlaat! En waar het ek jou gekry? By die speletjie van kinders.

O. G. HELDRING.—*Leven en Arbeid.*



## WYN.

Ek sou graag wil hê, dat julle in die somervakansie 'n reisie kon maak na ons ou Boland toe. Dit is tog 'n al te pragtige wêreld. Die lug is helder blou, die lande is goudgeel en die wingerde is grasgroen. Daartussen staan die wit huise so ewe vrindelik. En as 'n mens dan nog by die see kom, en die rollende branders beskou, wat uit die verte aangerol kom en aan jou voete breek, man, dis tog te mooi.

Een van die vernaamste bedrywe, wat in die Boland uitgeoefen word, is die wynbou. Die eerste kommandeurs, Antonie van Riebeck en Simon van der Stel, het gou gesien dat Suid-Afrika die plek is om druiwe te kweek, en toe die Franse vlugteling hier kom, het hulle somar begin om wingerde uit te lê. En die wingerde bestaan vandag nog. Natuurlik is dit nie meer die oorspronklike wingerdstokke nie, want hulle word van tyd tot tyd uitgeroei, en deur nuwes vervang.

Laat ons nou so 'n wynplaas gaan besoek in die maand Februarie, as die wynoes aan die gang is. Van dié middel

van Januarie af is die boer al besig om druiwe te sny. Die trosse word sorgvuldig nagesien, en al die slegte korrels word uitgehaal, en dan word hulle tussen houtwol in klein hout kassies verpak. Daardie kassies word na die stoombote toe gestuur, wat ál weke na Engeland toe vaar en op die boot in 'n koelkamer gebêre. In daardie kamer bly die druiwe goed en as hulle in Engeland aankom, waar dit dan winter is, gaan dit 'n goeie prys op die mark. 'n Mens kan darem nie met al die druiwe so handel nie. Party se skil is te sag en word gou sleg. Daardie soort druiwe is goed vir wyn.

Vir twintig of dertig jaar gelede het hulle die druiwe nog uitgetrap soos in die ou dae in Kanaän gebeur het. Julle herinner julle nog seker die gelykenis van die wyngaard en die wynpersbak, nie waar nie? Dit was 'n gemesselde vierkantige bak, waarin die druiwe deur die knegte met voete getrap word. Die sap loop dan deur gaatjies in enmers, wat buitekant die muur staan, en word dan in 'n groot vat gegooi. In die Boland het die mense valsewewer ook so gemaak. In die wynkelder het 'n taamlieke groot balie gestaan; daarin gooi die volk die druiwe en spring dan daarin en begin lustig rond te dans. Natuurlik het hulle sweet ook in die mos gekom en die stof van hulle voete ook. Dit was 'n onsmaklike geskiedenis, en die resultaat was ook nie goed nie, die Kaapse wyn was nie lekker nie.

Nou doen hulle dit anders. Die wynboer gebruik 'n soort masien, wat baie op 'n vleismeul lyk, wat jou moeder gebruik om frikkedel te maak. Daarmee word die druiwe nou platgedruk, en die mos is dus helder en skoon. Die mos word dan in 'n groot vat gegooi, waar hy begin te gis en te werk, en al die vuiligheid, wat daar nog in mag wees, kom op en drywe bo en word dan afgeskep. As die wyn klaar gegis het, dan word dit in kleiner vate oorgetap, en na die wynhandelaar gestuur, wat dit weer in bottels en fesse gooi en aan die hotelle en kantiene verkoop.

Van die verskillende druiwe kry mens ook verskillende soorte van wyn. Daar is rooi en wit wyn, swaar en ligte wyn, en die beste is maar vir 'n kind om van wyn af weg te bly en dit aan ouer mense oor te laat. Want, kinders, die mense is nie tevrede met natuurlike wyn nie, maar gooi daar brandewyn by om dit goed te hou. En daarom maak dit dronk. Dit groei aan 'n krom boom, en die wat dit drink, gebruik ook gou-gou krom woorde en doen allerhande krom dinge, wat hy nooit sou doen nie, as hy daardie kromhoutsop laat staan het.

In die dae van die Bybelheilige was die brandewyn nog nie bekend nie. Toe het die mense 'n soort stroop van die druiwe gemaak, wat hulle in fesse bewaar het, soos ons nou nog met lemoenstroop doen. As hulle dan wou drink, neem hulle 'n bietjie druiwestroop in 'n glas en gooi daar water by. As daar bevoorbeeld bruilof gehou word, was daar taamlik baie water nodig, daarvan lees julle in die verhaal van die bruilof by Kana in Galilea, waar die Here Jesus van water wyn gemaak het. Omtrent die jaar 1300 het iemand die kuns uitgevind om brandewyn te stook en van die tyd af is die verskriklike dronkenskap in die wêreld gekom.

En hoe word die brandewyn dan gemaak? Die naam beduie dit al so 'n bietjie. „Die wyn word gebrand.” Wat gebeur daar as die waterketel kook, en julle 'n bord voor die tuit hou om die stoom op te vang? Dan kom daar klein druppeltjies op, nie waar nie? en as julle die bord in stoom bly hou, loop daar netnou 'n straaltjie water af. So maak mens brandewyn.

Die wyn word in 'n groot ronde ketel gegooi, waarop 'n deksel vasgeskroef word, wat in 'n lang buis uitloop. Die buis word soos 'n rol tou gedraai en in koel water gehou en as die wyn nou begin te kook, gaan die stoom deur die gekrulde buis, word afgekoel en loop druppelsgewyse as brandewyn uit.

En dit vind party mense nou lekker. Weet jy, wat brandewyn doen? Hy werk op die hart en laat dit

sneller klop. As mens koud is en byna wil verkleum, kan jy 'n bietjie brandewyn as medisyne neem, want dit laat die bloed in die liggaam gouer rondgaan, en verwek 'n gevoel van warmte; maar die man, wat 'n gewoonte daarvan maak om brandewyn te drink, sal so 'n bietjie brandewyn ook nie meer voor help nie al is dit nog so koud. In party siektes word die hart van die mens baie swak en dan gebruik die dokter ook 'n bietjie brandewyn om dit aan die gang te hou. Maar om dit maar somar te drink, kinders, is brandewyn 'n baie gevaarlike ding. Dit werk op die maagsenuwees, en die staan weer in verband met die hoof. Die eerste wat gebeur, is, dat die verstand benewel word; en as die koning daarbo in die hoof nie meer werk nie, dan wil die dienaars, d.i. die lede van die liggaam, ook niks meer doen nie. 'n Dronk man hoor nie meer nie, sien nie meer nie, kan nie meer loop nie, sy tong luister nie meer na sy verstand nie, hy vloek en sweer, wil met sy beste vriend veg, kortom is die treurigste skouspel, wat 'n mens kan sien. En as so 'n man dan nog getroud is, wat 'n rampsalige voorbeeld vir die kinders!

In lande, waar geen druiwe groei nie, maak die mense bedwelkende drank van ander plante. Die kaffers van ons land maak bier van kafferoring en in Meksiko gebruik hulle die hart van die garingboom om daarmee 'n soort wyn te maak. In Transvaal stook hulle op party plekke brandewyn van perskes en stamvrugte.

In die kouere lande van Europa, bevoorbeeld Engeland, Skotland en Holland, maak die mense wiskie en jenewer van graan. In Rusland drink die mense 'n soort suur vog, wat hulle wodka noem.

In die laaste vyftig jaar het die mense al begin uitvind, dat die drink van al daardie sterk drank eerder nadeel as voordeel is vir 'n volk. Ten eerste is dit absoluut onnodig vir 'n mens. Die manne, wat in die laaste tyd op reis gewees het na die Noord- of Suidpool, neem geen sterk drank hoegenaamd meer mee nie, hoewel dit in daardie streke so geweldig koud is, dat 'n mens dit byna

nie kan uithou nie. En dan—dronkenskap lei tot allerhande ellende en kwaad. Uit die honderd misdade, wat gepleeg word, is daar seker negentig aan misbruik van sterk drank toe te skrywe. As ek julle raad kan gee: raak nooit sterk drank aan nie. Sommige mense kan die verleiding nie weerstaan nie en drink meer en meer, tot hulle eindelijk volslae dronkaards is. En julle wil tog seker nie tot daardie soort van mense behoort nie, hoe dink julle? Ons kan maar gerus vir die Spreukedigter luister, wat sê. „Kyk die wyn nie aan nie, as hy rooi lyk, as hy in die beker sy verf gee, as hy reg opgaan; op die end sal hy soos 'n slang byt, en steek soos 'n adder.” (Spr. 23 : 31 & 32.)

P. ELFFERS.—*De Buitenschool.*

### DIE BLINDE JAN.

O sê my, sê my, wat is lig?  
 Wat is die dag, waarvan jy spreek,  
 Wat smôrens deur die wolke breek?  
 Dis altyd nag voor my gesig.—  
 Wat is die son, en wat's 'n ster,  
 Is hul naby, of is hul ver?

Wat is die bome om ons heen?  
 Die blomme, wat die velde tooi;  
 Wat ied're jaar die Lente strooi?  
 'k Het dit gevoel—gesien nie een!  
 Ek glo al wat jul my vertelt,  
 Maar, o, so graag sien 'k self die veld!

Wat is die wond're dinge al  
 Wat 'k hoor, en smaak, en ruik, en voel?  
 'k Sien nie die vorm; 'k weet nie hul doel;  
 'k Weet niks van maat, of kleur, of tal;  
 En wat die meest' verwond'ring geeft  
 Is, waarom ek op aard moet leef.

Hul noem my „kind”; maar is dit waar?  
 'n Kind kan tog mos vrolik syn!  
 En ek—my liggaam het nie pyn,  
 Maar ag, die donker is so naar!  
 En kinders leer mos—ek bly dom!  
 Ag, waarom heet ek kind?—waarom?

Jul praat, jul hart het lief vir my,  
 Maar liefde spreek mos uit die oog?  
 Jul woorde is vir my te hoog!  
 Ek voel dit nie—glo my tog vry.  
 Merk tussen julle, al die tyd,  
 En my, die vreeslik' onderskeid.

O, sê vir my, wat 's lig? Ek voel,  
 As een maar half sê, wat dit is,  
 Dat ek dit voortaan minder mis.  
 En, kan dit wees, verklaar die doel,  
 Waartoe so 'n arme, blinde kind  
 'n Plek by julle het moet vind.

## OP REIS NA 'N NUWE WĒRELD.

As die seesiekte 'n reisiger nie al sy belangstelling vir al wat rondom hom is, wegneem, vind 'n mens die eerste dae van 'n seereis glad nie onaangenaam nie. Die uitsig op die uitgestrekte oseaan, wat eenkeer stil en blou, en, op 'n ander keer weer woelig en donker is, die op en die ondergaan van die son, die toweragtige werking van die maanlig op die golwe, die seediere, wat hulle hier en daar laat sien, die lewe en die maniere van die passasiers, dit alles lewer 'n ryke stof van waarneming en beskouing op. Maar, wat 'n mens elke dag weer sien, verloor gou sy merkwaardigheid, al was dit in die begin ook nog so boeiend; en so het ons amper die skoonheid van die oseaan vergeet, en alleen die eentonigheid gemerk en sou dit ons verveel het. Gelukkig die een wat onder sulke omstandighede lus het om te lees. In die opsig was ons nie so goed af nie, want die klein bietjie boeke wat daar was, was spoedig uitgelees, en na 'n kort tyd kon ek nog maar net kies tussen 'n Franse gebedeboek, en 'n handboek vir tuiniers hoe om bome te ent. Hierdie boeke het ek altwee vlytig deurgelees, en hulle was altwee vir my nuttig. Ek sal die besonderhede nie verder vermeld nie; wie die beskrywing van een seereis gelees het, ken hulle almal, maar die lewe aan boord van ons emigrantskip is tog werd om nader mee kennis te maak.

Dáar was 210 passasiers, waarvan ver die meeste, naamlik omtrent 160, hulle losies tussendeks gehad het, terwyl die orige die sogenaamde tweede kajuit bewoon het. Die tussendek neem die grootste gedeelte van die skip in, vernaamlik die voorste en die middelste gedeelte, en is dus 'n lang ruimte wat na die voorkant toe van die skip smaller word. Volgens die voorskrifte van die wet, moet die tussendek  $7\frac{1}{2}$  voet hoog wees, maar op ons skip

was die hoogte maar 'n duim meer as die lengte van 'n man. Lig en lug het die lokaal van bo gekry deur twee luikies, waardeur 'n mens ondertoe gaan. Maar as die gesluit word, soos dit by slegte weer altyd die geval is, kan Jaar geen vars lug binnekom nie. Aan die anderkant kom daar 'n matige hoeveelheid lig deur die venstertjies, wat skaars 'n halwe voet breed is, en aan die sykante van die skip ingesit is. As dus die emigrante deur stormagtige weer verhinder word, die fris lug op die dek te gaan inadem, kan 'n mens begryp dat so 'n tussendek te danig aan die berugte Swart Hol van Calcutta gelyk is. Die oop slaapplekke of kooie loop in twee rye bokant mekaar langs die sykante van die tussendek. Tafels en stoele is onbekende voorwerpe van weelde en hulle plaas word ingeneem deur kiste en koffers, wat in die middel van die lokaal so gerangskik staan, dat tussen die slaapplekke 'n gang oopbly. In die tweede kajuit het ons dit 'n bietjie beter gehad, want dit was daar hoër, en daar was twee rye hutjies, wat gesluit kon word, wat hulle lig gedeeltelik deur twee glaasdeure en gedeeltelik van bo ontvang het. In elke ander opsig was ons met die tussendekse passasiers gelyk gestel.

Met die hoofsaak op die seereis, naamlik die verpleging, het dit so gegaan:

Ons was in klompies van vier manne verdeel, waarvan elke keer een, vir 'n week lank, die porsies van sy afdeling moes gaan haal. Elke oggend om sewe-uur het die kok in ons kajuit ingeroep: „Tee kom haal!” waarop die prowiantmeesters van die week elkeen met sy blikkantientjie in die hand hom na die kombuis gegaas het. Daar het die koksmaat nie meer tee in elke kan gegooi nie, as wat hy tussen sy vingers en sy duim kon vat, en dan kokend water daarop. Hierdie treksel en 'n stukkie skeepsbeskuit was die eerste van die drie „oorvloedige maaltye” wat aan ons volgens kontrak daeliks moes gelever word. 'n Ondersoek van die teeblare nadat hulle gebruik was, was dikwels vir my 'n studie wat net so boeiend as

leersaam was, omdat een wat die kruidkunde vereers begin te beoefen, daarin allerhande soorte van blarevorme kon leer ken. Wie hom liewer op die mineralogie of die geologie toegelê het, het daarvoor ook ryke stof in die swart skeepsbeskuit gekry, omdat hulle hierin, afgesien van 'n soort van meel ook nog verskillende soorte van gemaalde klip kon aangetref het. Na hierdie twyfelagtige ontbyt het elkeen die tyd so goed as dit wou gaan, verdryf, en ek het toe uitgevind dat voormiddag slabies op 'n emigranteskip net so 'n groot rol speel as 'n agtermiddag dutjie.

Die middagete het bestaan uit 'n hoeveelheid soep, wat die enigste eetbare gereg was onder al die skeepkos, behalwe nog 'n klein stukkie spek of sout vleis. Volgens kontrak moes ons aldaar 'n half pond vleis per kop ontvang, maar dit het nie daarna gelyk nê. Net soos die tee soggens, moes saans die koffie gehaal word. Dit het gelyk of die mense vergeet het om suiker aan boord te neem, want al was in die kontrak van 'n pond suiker per week per kop gespreek, het ons op die hele reis nie 'n spoor van so 'n artikel van oordaad gesien nie. Van die punte in ons kontrak wat op 'n skandelijke en bedrieglike manier nagelaat is, wil ek nog maar net vermeld, dat ons elke Sondag 'n glas wyn moes kry. Hier is niks van tereg gekom nie; maar die stuurman het op sy eie rekening 'n wynhandel gedrywe, en aan ons wyn vir twee gulde per fles verkoop. Gedroogde vrugte moes ook op ons tafel kom, maar al wat ons daarvan gesien het, was 'n paar klein gedroogde pruimpies in die soep. Toe ons eenkeer, uit nuuskierigheid, graag wou weet hoeveel van die skaars vrugte elke man gekry het, het ons na die maaltyd die pitte getel. Dit het geblyk dat daar ag-en-twintig pruime vir ses-en-twintig persone was. Kortom die kos aan boord was te veel om van te sterwe en te min om van te lewe. Ons enigste troos was, dat hoe slegter ons dit aan boord het, hoe groter ons genot by die aankoms op die plek van ons bestemming sou wees.

## WOLWEJAG IN DIE DERTIENDE EEU.

Die wintersprei het uitmekaar gerol gelê op velde en weë, op die weivelde van Holland en ook van Friesland, op die golwende heideheuwels van Brabant en van die Veluwe. En dit is nogal koud, dit vries maar net hard, en dit het al enige wekelank gevries — en dit het in die hoëre oostelike streke die landplae laat inkom: meer as ooit het die wolwe uit die bosse gekom, meer as ooit het hul klaende gehuil deur die stilte van die nag gekom. Die vee staan en bewe in die trekkerige stalle, en die verskrikte dorpsbewoner het opgespring uit die bed, om hom haastig te gaan oortuig, dat sy deur goed toegesluit en vasgemaak is.

Die klagte het daeliks meer geword. Nie net van die vee nie, maar ook van die mense het 'n buit geworde van die rowers, wat deur die snydende honger oormoedig geword het, en wat nou in snuffelende bendes rondswerf, om al wat voor hulle is met angs te vervul, en jammerklagte agter hul te laat oorbly. Eindelik het dit te veel geword vir die adel van die Veluwe, en hulle het besluit om verwoesting met verwoesting teë te gaan. 'n Klomp van die edelmannen het hulle met mekaar verenig, hulle bediendes saangebring, en die dorpsbewoners georder om saam te werk. 'n Verskriklike groot stuk land is deur 'n menigte van mense, en deur versperringe en slote afgebaken. Die dag van vergelding het uiteindelik aangebreek, waarna die grootste gedeelte, as dit nie almal was nie, met net so 'n groot verlange uitgesien het, as die kinders na Vader Krismis.

Vernaamlik vir die adel, wat baie lief is vir die jag, en vir hulle, wat tot die aanhangsel van die kring behoort,

is dit 'n fees vol van manlike genot. Daarom maak gou—daar is maar nog baie min tyd oor.

Hoor wat 'n gedruis en lawaai, wat 'n mengsel van klanke en geluide, wat 'n geskreeu van manne en geblaf van honde, die gerunnik van perde en die geklap van die swepe, bruisend en golwend oor die golwende bodem.



En dit het so 'n skerp kontras gevorm met die kapoklaag, wat die aarde in sy winterrus toegedek het; en dit het darem ook weer goed gestem met die skerp wind wat deur die droë takke gewaai het!

Kom hierso! Sien jy daardie heining van riet maak—daar verder is nog meer—daar sal ons solank gaan lê by die hitsman en sy maat. Daar kan ons sonder gevaar een van die vernaamste dinge sien, wat sal gebeur.

Of hulle al wolwe opgeja het?

„By hope!” sê die hitsman. „Dis vandag die derde dag! Dit gaan alles eersteklas en goed! Ek glo nie dat daar vir die afskuwelike ongediertes nog êrens 'n kans oorgebly het om hulle tande aan enige roof seer te maak nie. Hulle het nie eers 'n plek gehad om hulle verskriklike hongerige maag met klei vol te maak nie, en die groot honger met taai grond te stil nie, soos hulle gewoond is om te doen as die nood baie groot word.”

„Het hulle al baie kwaad gedoen?”

„Verskriklik: oor die gehele landstreek, en op ander plase net so veel. Die honger het hulle tot die uiterste gedryf, en al het meer as een slim man sy plaas met die bloed van 'n afgeslagte wolf bespreng—wat anders 'n seker middel is teen die koms van ander wolwe—hierdie keer het dit niks gebaat nie. Hulle het die vee uit die stalle, die kinders uit wiegies en krippe gehaal, die rondwalende mense op die pad verslind. Amper is ek self die prooi van die vrate geword. Digteby die somerhuisie van my baas op die berg, het ek eenkeer in die skemer-aand gevoel dat ek plotseling stom geword het. O wee! het ek gedink, dit kom seker van 'n wolf wat my aankyk. Gou het ek hierheen en daarheen gekyk, en ja...daar sien ek die vurige oë blink. In my bangheid het ek my stok op die grond gegooi tussen my en die wolf in, en terwyl hy daarvoor 'n oomblik stil gestaan het, seker omdat hy besorg was dat dit 'n strik kon wees om hom te vang, het ek my in der haas die klere van voor oopgekeur, en toe het ek my spraak weer gekry. Toe het ek begin te skreeu, en die valkenier van my baas, wat in die somerhuisie was, het gou met 'n paar manne bygekóm, en hulle gaffels en hooivurke het die wolf sy stert tussen die bene laat knyp en fluks die haaspad laat kies.”

Die honde wat by ons lê, begin hulle neuse teen die wind te hou en laat hulle ore regop staan, vol begerige onrus. Die veraf gegons, wat met die wind aanwaai, word 'n sterker en sterker gedruis en kom al nader en

nader. Hoor...jy kan al die geluide onderskei; die geroep en die geskreue, die gehuil en die geblaf, die sweepgeklap, en die perde se gerunnik. Die dik kapoklaag was amper nie 'n hindernis nie. Niemand vra of dit goed gaan met die jag nie, niemand dink meer daaroor dat 'n perd magteloos word as dit in 'n wolf se spoor trap nie. Dis waarlik nie nodig om die honde aan te hits om aan te val nie; meer as een van hulle val van self aan. Die hygende roofgedierte word uit elke plek verjaag, en daar bly nie plek oor, waar dit kan intrek of inval nie.

Daar rol die bruisende golf aan—ook hier die wildste skuim voorop! Met stuipagtige, net soos bliksem rondkykende oë, met die tong uit die grinsende bek, vlie en tuimel die wolwe voort. Pas op, pas op!—hulle sal verbyglip! . . . . Geen nood, die hitsman en sy maat het die honde, wat hulle nouliks in bedwang kan hou, losgelaat; so gaan dit ook aan die anderkant, en met woede storm hulle op hulle erfvyande. En die pyle gons, en die jagspiese deursteek die reeds verwond en verlamd gebyte wolwe deur die vel. Hulle het hulle gerol en kromgetrek en stuiptrekkings gekry in die kapok, wat somar purper geword het van die rokende bloed. Dis aan die opvolgers oorgelaat om hulle heeltetal neer te slaan en dood te maak, want die jagtrein storm maar aan altyd dieper in die bos in, en weer oor die veld, en weer die bosse in. En net soos die jaggedruis in die verte langsamerhand verdwyn en wegsterf, so sal ook die skadelike roofskare uitgedun word, en die Ridder-skap van die Veluwe sal hulle beroem dat hulle sonder twyfel in die viering van die onstuimige jagfees 'n goeie werk verrig het!

W. J. HOFDIJK.—*Ons Voorgeslacht.*

## KAFFERGELOOF.

Teen die end van die jaar 1856 was die land vol van gerugtes dat daar 'n kafferoorlog broei. Naderhand was dit al so ver dat dit gelyk het of die oorlog nou daar is. Onder die kaffers aan die anderkant van die Kei het 'n profetes opgestaan en kaptein Krelie het haar openlik beskerm. Sy het voorspel dat die kaffers se voorouers sal opstaan uit die dode en hulle aanvoerders sal word in 'n groot oorlog. Die witmense moes dan almal in die see ingeja word. Om sake so ver te kry moes hulle eers al hulle beeste en ander diere slag en die koring verniel. Al die versiersels moes hulle wegmaak, die grond moes hulle nie meer bewerk nie, sodat hulle, as die oestyd kom, niks meer het om van te lewe nie. Die enigste dinge, wat hulle moes hou en wat hulle ywerig probeer het om deur middel van diefstal te vermeerder, was perde, gewere en ammunisie.

Die aanhangers van die profetes het gesê dat dit alles moes gedoen word om die geeste van hulle voorouers te vrede te stel voordat hulle sou opstaan om hulle te kom help.

Die witmense het weer gesê dat dit maar net 'n plan was van die kapteins om hulle onwetende onderdane op daardie manier voor te berei vir 'n oorlog. Soos hongerige wolwe sou hulle dan beter veg, verniel en roof. Die goewerment was goed op die hoogte met die toestand daar in Kafferland. Hulle het Krelie gewaarsku vir die gevolge van hulle waansinnige dade. Al wat moontlik was is gedoen om ook die ander kafferkapteins terug te hou om nie daaraan mee te doen nie. Dit het nie veel gehelp nie. Een van die regeringsamptenare het tog daarin geslaag om 'n klompie kaffers te oortuig. Dit was

die oorsaak dat die kaffers in twee partye verdeel was, die „gelowiges” en die „ongelowiges.” Die „ongelowiges” was meesal kaffers, wat al onder die sendelinge deurgeloopt het of wat al ’n bietjie mak was. Die gelowiges het so stadigaan hulle koring verniel en die beste geslag, die lande wou hulle nie bewerk nie. Party het gehoop dat daar maar gou ’n oorlog sou uitbreek, ander het weer gewag op die dag wanneer die voorspellings van die profetes moes uitkom.

Teen die end van 1857 het sake na ’n punt toe geloop. Die kos van die kafferstam het nou so verminder, dat die kapteins verplig was om een of ander stap te doen. Die profetes gee kennis dat haar voorspellings op Woensdag die 18de sou vervul word. As die sou die môre opkom, het sy gesê, sou hy, nadat hy eers heen en weer in die lug rondgetrek het, weer in die oostekant ondergaan. ’n Vreeslike storm sal dan opkom en almal wat nie in haar geloof het nie van die aarde af wegwaai, of dit witmense was of kaffers. Dan sal die voorouers van die kaffers uit die dood opstaan en troppe beste, ’n baie beter soort as wat hulle gehad het, saambring. Nog baie ander mooi dinge sou ook saamkom en die ou kaffers en ou meide sou almal weer jonk word.

Dit sou nog net ’n paar dae wees en dan kom daardie lekker wêreld. Die bietjie beste, wat daar nog was, het die kaffers bygetrek en almal geslag. Die strooihuise het hulle weer gedek, sodat hulle kon hou teen die storm, wat sou kom. Die laaste bietjie kos, wat daar nog was, het hulle opgeëet, die bier was natuurlik lankal deur hulle keelgate.

Dit is Dinsdagnag. Niemand van hulle kon slaap nie. Netnou sal die dag breek en dan begin al die wondere. Dit was vir hulle of die nag nooit ’n end sou kry nie. Eindelik tog—ja, daar begin die dag te breek. Almal gaan sit in hul strooihuise en wag, want netnou, netnou. . Die ou son het maar weer opgekom soos hy gewoon was, en het hulle swart velle gebrand, totdat hulle moeg was

om te wag. Hy het sy selfde ou paadjie geloop en in die westekant ondergegaan.

Die 19de Februarie was dit nog maar dieselfde ou kaffers van die 17de. Ongelukkig was hulle almal nou so vrekarm en teleurgestel dat hulle enige kwaad sou aanvang om te lewe. Meide en kleingood kon jy sien rondstap op die veld om worteltjies te grawe vir kos. Die kapteins self het nie meer beeste gehad nie. Een van hulle was verplig om op die paaie te werk om iets te verdien.

Sir George Grey het egter die loop van sake goed dopgehou. Hy het maar gemaak of daar nie sou oorlog kom nie, maar intussen het hy darem daarvoor klaargemaak. Van Engeland en Mauritius af het troepe gekom totdat daar omtrent 8,000 bymekaar was. Hiermee kon hy natuurlik enige opstand dooddruk, maar nou het hy hulle gebruik om die duisende kaffers van die hongerdood te help red. Hy het die kaffers laat weghaal van hulle krale af en werk gegee op die paaie. Ander het hy weer in klompies oor die land verdeel, sodat hulle oral kon werk kry. Vir die siekes het hy 'n hospitaal op King William's Town opgerig en hy het hulp verleen aan die sendingstasies en industriële skole. Ook die koloniste het hand bygesit en ywerig gehelp om die arme skepsels te red.

## DEUR 'N SEEROWER GERED.

Na 'n verblyf van ses jaar in een van ons Indiese kolonies het ek my tot 'n oorhaastige terugreis na Engeland toe genoodsaak gesien. Om staatkundige redes was ek verplig hierdie reis geheim te hou. Daarom het ek besluit die reis nie met een of ander oorlogskip te maak nie, maar 'n klein koopvaardyskip te huur, waarvan die kaptein 'n handelsaak sou voorwend. Dit was 'n ligte, rank vaartuig, wat gelyk het of dit by gunstige wind ons vinnig sou oorbring. Alles het ook uitnemend gegaan; ons het al gemeen dat ons so dof die kuste van Ierland kon bespeur, toe ons teenspoed begin: 'n hewige storm het opgekom. 'n Koopvaardyskip wat maar min manskappe het, is 'n gemaklike prooi vir die woedende elemente; dis waar, ons het almal ons uiterste kragte ingespan, maar al ons pogings het niks gebaat nie: ons het skipbreuk gely, na ons gissing, nie ver van die kus af nie. Ek sal die ellende van 'n skipbreuk nou nie beskrywe nie, van 'n skipbreuk in die nag, in die donker, in 'n orkaan, as na die laaste vergeefse inspanning die hoop jou begeef. As die wanhoop jou aangryp, as al die bande van maatskaplike plig, en ondergeskiktheid losgeruk word, en selfbehoud die enigste verskriklike leus is. Dit is skriklik omdat dan elke middel vir 'n mens welkom is, en hy alles wat in die pad staan as hinderpale beskou, wat hy sonder medelyde of verskoning wegstoot en verpletter. So het dit in hierdie geval ook gegaan. Iedereen het met dieselfde woeste drif na die skuif gegryp; daarin was net plek vir die sterkste en handigste, die ander is teruggedruk. Die worsteling was vir my te akelig; ek wou die wanorde nie nog meer maak nie, en het daarom besluit om op die wrak te bly,

te meer omdat dit vir my onmoontlik gelyk het, dat 'n skuit wat so oorvol was by so 'n hooggaande see die kus sou kan bereik. Ek het dan ook reg gegis; die skuit het verlore gegaan. Toe ek nou met die vier wat my lot gedcel het, alleen was, ek erken dit, het my moed heeltemal weggesink. As die kans om behoue te word vir hulle, wat weggevaar het, maar min was, ons eie verderf het onvermydelik seker gelyk. 'n Vreeslike doodsangs het my aangegryp, wat saamgespan het met my liggaamsvermoeienis, dit het my denkebeelde verwar, en my in 'n diep onnag gestort. Ek moet lank in die toestand gebly het, want toe ek weer bykom, het ek in 'n skuit gelê tussen vreemde mense, waarvan een oor my gebuk en my 'n verfrissende teug aangebied het. Haastig het ek daarna gegryp, want ek het gesmag van dors; intussen het hy op 'n klein afstand gaan staan, sy hoed met 'n breë rand diep oor sy oë ingetrek, en sy gestalte onder die plooi van sy wye mantel verberg. Ek het meer en meer herstel, en gesien hoe dit skemer begin te word, hoe die wind bedaar het, en ons wrak nie meer te sien was nie. Ook my reisgenote het hulle, soos dit gelyk het, nie in 'n beter toestand bevind as ek nie. Die vreemde manne, wat ons omring het, was forse, kragtige seeliede met harde en trotse gelaatstrekke. Buiten die man met die mantel, wat ek vir die bevelhebber gehou het, omdat sy kort aanmerkings wat fluisterend uitgespreek was as bevele uitgevoer geword het, was hulle ses in getal; hul klere was nie die van gewone matroses nie, maar enigsins skilderagtig, alhoewel nie onbevallig nie. Die mooi klere, die pistole en dolke in hulle gorde en vernaamlik hulle nors blikke het my laat gis, wat ek naderhand vir waarheid uitgevind het, dat dit seerowers was, maar die seerowers was my redders. Hulle het hulle in 'n storm gewaag om ons van die sinkende skip te verlos, en ek het my verplig gevoel om hulle my dank te betuig. Ek het gehoor dat hulle 'n soort verbasterde Frans praat; daarom het ek in die taal met een van

hulle probeer praat, naamlik met die persoon wat my weer laat bykom het. Ek het my die meeste tot hom aangetrek gevoel. My dankbetuiging het geen antwoord gekry nie, en 'n vraag van geen betekenis het nie 'n beter gevolg gehad nie; maar ek het darem aangehou. Met kort woorde het ek hom my dringende saak vertel, wat my na Engeland toe roep. Ek het hom gesê dat miskien my eer en my betrekking van my tydige aankoms in Londen afhang; en eindelijk dat my redding vir my onverskillig was, as ek dit nie klaarkry om spoedig aan wal gesit te word nie. „Dit kan,” was sy kort antwoord, „maar ek alleen kan nie daarvoor beslis, of ons jou sal help nie.” Daarop het hy een van die manne iets toegesluit, maar verder is daar nie meer gepraat nie. Spoedig was ons naby die skip. Dit was 'n mooi fregat, die hele bou en tuigasie was daarop ingerig om dit 'n vlugseiler te maak. Uit die geskutgate het gedugte kanonne ons aangegaap. Toe ons op die dek kom, was ons 'omring van heelparty manne, wat net soos bootroeiers gekleed was. Daaronder was 'n paar, wat by al die kentekens van 'n ongereelde lewe, tog die onuitwisbare iets gehad het, wat 'n vroeëre betere stand ver-raai. Die man met die mantel het opsygegaan, na hy saggies iets gesê het. Daarop het hulle vir ons plaasgemaak, en vir ons tussendeks gebring, waar hulle vir ons brood en vleis voorgesit het. Die verkwikking het ons hoog nodig gehad. Die jong man, wat ons van al hierdie dinge voorsien het, was vrandeliker as al die ander. Ek vra hom toe, aan wie ons ons redding te danke het, en op watter skip ons nou was.

„Kaptein Almagro of sy manne is jou redders, jy is op die fregat ‚Les Résprésailles!’ ” Ek het nie nodig gehad om meer te vra nie; hierdie naam, ook in Wes-Indië berug, het my laat bleek word; van die man het ek niks goeds verwag nie.

Tog het ek aan die jong man my horlosie aangebied, as 'n bewys van dank vir sy berig.

„Van jou mag ek niks aanneem nie,” sê hy, en wys dit af. Toe kom hulle my sê, dat die kaptein my wil sien. Ek volg toe die man, wat my gou na die kajuit bring, waarin so ’n weelderige, smaakvolle prag geheers het, as in die sitkamer van ’n vrou, wat haar na die mode inrig. Besonderhede kan ek vir jou nie opnoem nie, want die man, wat ek daar gekry het, het my hele aandag geboei. Dit was Almagro. Fiere moed en ondernemingsug het uit sy swart oë geskitter, en dit kon ’n mens ook lees in sy trotse houding en fors gespierde gestalte. Op dië hoë, deur die son verbrande voorhoof het die pikswart hare nie onbevallig afgesteek nie. Daar was onmiskenbaar iets ruus en wilds in die harde trekke van hierdie krygshaftige gesig; kortom dit was die seevrower net soos iedereen se verbeeldingskrag dit sou skilder. Hy het my in Frans uitgenooi om te gaan sit. Nog nooit het ek op ’n sagter sofa gerus nie, selfs nie in die voorkamers van die skatryke dandies nie, en dit was vir my snaaks dat so ’n man aan sulke weelde kon dink. Hy het my ’n paar vrae gevra. Ek het hom gesê, wat ek vroeër al vertel het, en vir hom met soveel kiesheid as moontlik is, my beurs met banknote, wat ek voor die skipbreuk tussen my onderbaadjie toegeknoop gehou het, as ’n aanvanklik bewys van my dankbaarheid aangebied.

„Meneer!” sê hy op fiere manier, „die aanbod is oortollig: as u ons gevangene was, dan sou al u besittings aan ons behoort; maar u is deur ons gered. Ons help nie mense om hulle te plunder nie. Hou wat u het.” Na ’n rukkie, wat ek nie deur ’n skerp antwoord afgekort het nie (want ek is geen Julius Cesar nie, en ek het my te danig afhanklik gevoel van sy hulp, om te maak of ek beledig was) het hy voortgegaan: „As ’n mens jou te Kinsale aan land sit, sou dit vir jou van nut kan wees? Om van daar na Bristol te kom, kry u dan lig geleentheid. Wat dink u?”

Ek het hom verseker, dat daar niks is, wat ek so reg wens nie, as dit kon wees.


„Nou, dan sal u gehelp word. Teen die aand sal ons dit onderneem. Tot so lank bly u ons gas. Die matrose van u skip bly vrywillig by ons.”

Ek wou hom my dank betuig.

„Belowe my, as 'n man van eer, om geen misbruik te maak van u kennis van ons koers, en dat u 'n maand lank sal swyg van hierdie ontmoeting; dit is al wat ek van u verlang.” Ek het dit belowe. Toe het hy met 'n silwer fluitjie gefluit, en het aan die jong neger, wat binnegekom het, in 'n pragtige Turkse kostuum geklee. gesê: „Jago! sorg dat die meneer alles kry wat hy nodig het.” Toe het hy hom gebuig om afskeid te neem, en ek het met Jago saamgegaan. Hy het my in 'n gepaste verblyfplaas gebring, waar hy my nougeset bedien, en van al die nodige voorsien het. Van die inrigting van die skip het ek verder niks gesien nie. Jago, wat Engels kon praat, het my versoek om my verblyfplaas nie te verlaat nie, en toe dit aand word—het hy my snel langs 'n trap, wat uitgehang was, in die skuit, wat vir my gewag het, gelei. Dit was pikdonker op die water. Ek het niemand van die wat daarin was, herken nie, as net die kaptein. Sy fors stem kon 'n mens so nou en dan hoor. Behoedsaam maar snel het hulle onder diep stilswye voortgeroei; omdat ek my mense geken het, het ek dit nie gewaag om die stilte af te breek nie. Dit was 'n gevaarlike tog, hierdie vaar met 'n skuit na die kus van Ierland toe, maar aan party woorde, wat Almagro met die man aan die roer gewissel het, het ek verstaan, dat hulle die gevaar vooruit bereken het. Aan die stuurman vernaamlik, wat ek later as die man met die sleutel herken het, wie se weergalose ondervinding en oorleg slegs met sy handigheid kon vergelyk word, het ons dit te dank, dat ons teen dagbreek in die baai van Kinsale, amper by die stad geland het. Ek kon dit nie doen, om die mense, wat hulle opnuut vir my in lewensgevaar gestel het, te verlaat, sonder om hulle enige bewys van my dankbaarheid te gee nie. Ek

het geweet dat Almagro self my sou afwys, daarom het ek my ring aan die stuurman aangebied (hare van my moeder was daarin gevleg). „Meneer,” het ek gesê, „die arme skipbreukeling is nou nie in staat om iets te doen om julle edelmoedigheid te vergeld nie; maar deur julle hulp herneem ek in my vaderland moontlik 'n rang en invloed, wat julle miskien eenkeer nog kan nodig hê. Stuur dan hierdie ring terug na John Duncan, en hy sal dit as sy dure plig beskou om julle sy dankbaarheid te bewys.” Hy het dit nie afgewys nie; hy het my hand hartelik gedruk. „Die pad na Kinsale lê regsaf.” sê hy in gebrekkige Engels, en spring toe skielik in die skuit in, wat toe dadelik van die wal afgesteek het. Ek het die stad gelukkig bereik, spoedig 'n geleentheid gekry om na Bristol oor te vaar, my besigheid in Londen het ek maklik reggekry, en ek is Lord van die Admiraliteit geword, deur die edele hulpvaardigheid van 'n seerower.

A. L. G. Bosboom-Toussaint.



## 'N WATERVAL.

Dit was in Septembermaand. Die winter met sy swaar plasreëns, met sy droewige dae, sy hemel sonder sou, sy nagte sonder maan of sterre, het al afskeid geneem. Dit het gelyk of die lente vroliker as ooit sy intog in die land wou hou. Die veldblomme het nie een vir een gekom nie, hulle het somar by hope saam te voorskyn gekom, en het die aarde bedek net soos 'n tapyt.

Ons het vroeg ingespan, heeltemal vroeg. 'n Bietjie oor halfdrie in die oggend het die waentjie met 'n flukse span van ses voortgetrek. Nog net 'n oomblikkie, en—voort het dit gegaan, straat uit, straat in, en toe die dorp agter ons was, bergkanttoe.

Dit was 'n pragtige nag! Dis waar, dis al lank geleë, maar ek hoef maar net my oë toe te maak, en alles rys weer uit die verlede op met oue frisheid en oue glans—so lewendig is die indruk gewees, wat die Natuur hierdie vroeë oggendure op my gemaak het!

Die hemel was besaai met sterre wat almal geskitter en gefonkel het, asof hulle die aand tevore eers verguld was; die hele landskap het in die vrindelike, tintelende lig van die halwe maan geswen; en vlak voor ons, asof dit vir ons as 'n kompas wou dien, het die ontsagwekkende skeppingswonder, die reusagtige komeet van 1881, met statige maar seker stappe aan die hemelboog opgeklim.

Ons diere het hulle net geweer: op 'n vinnige draf het dit al verder gegaan, en die rats voetjies het die harde pad so mooi in die maat aangeraak, dat dit gelyk het asof die lieflike omgewing selfs die esel skoonheidsgevoel ingeboesem het.

Die pad was lank, en die sit was nie gemaklik nie — maar niemand het hom verveel nie. Somtyds was daar 'n

druk gesprek aan die gang, en dan was alles weer stil. Nou en dan het 'n kop geknik, maar dit was nie van vermoënis, wat die sintuie benewel het nie—dit was oorstelpende skoonheid, wat hulle in verrukking gebring het, en hulle vir 'n oomblikkie uit die werklikheid weggevoer het. Niemand was so reg by homself nie: hulle het almal hulle hoof aan die boesem van die Natuur gelê, en dit geniet—'n halfonderdrukte sug nou en dan het dit verraai.


Daar was een oomblik toe die skoonheid sy toppunt bereik het. Die dag het aangebreek. Een enkele bondel langgeskiete strale het oor die top van die hoogste berg, wat voor ons was 'n afgetekende gedeelte van die asure sterredak getref, en sy tint verhelder. Die son en die maan en die sterre het almal gelyk geskyn! en, 'n mens kon sien, dat die magtige ligstert van die wonderkomeet gestry het met die alles-verliggende vors van die dag. Dit was maar net 'n oomblik—maar wie dit beleef het, sal dit nooit vergeet nie.

Om sesuur was ons op 'n punt aangekom, waar die pad hom in die bossies van die breë voet van die berg verloor het. Uitspan en voergee was die werk van 'n oomblik. Iedereen het sy deel van die kos wat ons meegebring het gedra, en spoedig het ons die rytoer, wa en diere vergeet, en was ons nog maar 'n kort afstand van die doel van die tog af. Onder vrolik gesels het dit verder gegaan, heuwel op heuwel af, hoogte langs hoogte oor; eenkeer oor 'n afhuppelende stroompie water, en dan weer onder laaggetakte bome deur; nou, vir 'n afwisseling, deur hoë bossies, en dan weer oor los puntige klippertjies, wat die loop moeilik gemaak het, en meer as een tere voet gekwes het. Nog een hoek om, nog een klofie oor, nog een klomp klippers om, nog een rots verby; nog een stroompie deur, nog een steilte af, en dáár... o wonder, daar was die waterval!

Moet ek hom beskrywe? 'n Gedonder, 'n gedruis, 'n gespat, 'n neerplas, 'n gedreun! My hand weier, my pen

kan nie! Beskrywe?...so iets kon 'n mens maar net sien!

Ons het in die middel tussen reusagtige rotse gestaan. Die een blok was op die ander blok gestapel, loodreg na die hemel steierend. Van alskante het hulle ons om-



ring; net na die noordekant toe was daar 'n opening. Die effek was treffend. Aan ons voete, 'n skuimende, woelende kom van kristalhelder water. Agter ons en op die sykant die kaal klipmuur, met sy eentonige swart blou net hier en daar deur mos en afhangende varings gebreek. Regs die reusagtige waterval, wat in dolle

woede neerstort langs 'n selfgebaande, dig met mos begroeide spoor. Voor ons in die agtergrond, 'n landskap só vrolik, só ruim, só lieflik, wat hom in liggloed baai; 'n uitsig so onbelemmerd, so skoon en boeiend dat jou oë met dieselfde welgevalle nou eens rus op die indrukwekkende skouspel hier by ons, dan weer dwaal oor die lae heuwels heen, deur die wye verte.

Ons het gestaan asof ons aan die grond vasgespyker was, tot ons moeg was van geniet. Toe het ons op die grond gaan lê; sommige in 'n klompie, ander weer liewer alleen. Daar was veel om in te neem; die stem van die natuur het al te duidelik tot elkeen se hart gespreek, dan dat ons 'n behoefte sou gehad het aan geselskap. Die meeste het ingesluimer; ek ook—was dit te verwonder? Maar sluimer was op die plekkie tussen die berge net so soet as waak. Die indruk van die lieflike omgewing het jou ook in jou slaap bygebly. Lank het ons daar gesit — dit was asof ons nie kon wegkom nie. En toe ons sat was van geniet, en ons met wat ons meegebring het, versterk het; nadat ons nog 'n laaste blik geslaan het op die grootse val—het ons ons gehaas om na die wa toe terug te kom, en ons het die lang tog huistoe volbring met die lewendige en tot dankbaarheid stemmende gevoel, dat ons 'n dag deurleef het, wat ons lewelank deur die lieflikste en vrugbaarste herinnering in ons sou bewaar.

H. E.

## 'N ARMENIESE BEGRAFNIS.

Die Russe hou daarvan om die Nevsky „die straat van verdraagsaamheid” te noem, want binne een-derde myl van sy lengte staan ’n Hollandse, ’n Lutherse, ’n Rooms-Katolieke en ’n Armeniese kerk byna langs mekaar. „Nevsky” is eintlik maar net die byvoeglike naamwoord van „Neva.” ’n Engelse gesant beskryf in die volgende woorde ’n begrafnis wat hy in die stad bygewoon het.

Na aan die Armeniese kerk het in my tyd die minister van onderwys gewoon. Hy en sy vrou was altyd baie gasvry en vrindelik teenoor die gesante van die ander lande. Toe hy sterf, het dus die meeste van hulle sy begrafnis bygewoon, almal, volgens Russiese gewoonte, in uniform geklee. Die famielie was Armeniërs en so sou die lykdiens in die Armeniese kerk plaasvind, en geen van ons het al van tevore die geluide gehoor, wat die Armeniërs as sing beskou nie. Ons was skaars binne of daar kom ses persone en begin te blêr soos skape en daarop begin hulle presies soos ’n klomp hongeriige wolwe te huil. Dit was te veel vir ons. Ons probeer om soveel moontlik ons begrafnis gesigte op te sit, maar dit gaan maar snork-snork. Die onderdrukte lag wil maar net uitborrel. Maar waar was julle! Daar kom drie grysbaard priesters in, hou hulle kenne in die lug en begin gelyk te blaf net soos honde, wat met die maan besig is. Dit was bokant ons vuurmaakplek—ons hele klomp bars uit. Nog nooit het ek mense so aanhoudend gesien lag nie. Ons kon ons nie keer nie. Aan elkeen van ons het hulle ’n opgesteekte waskers gegee toe ons ingekom het, en nou was dit ’n naarheid. Met die gelag en geskud van ons lywe kon ’n mens natuurlik nie die kerse stilhou nie, en nou kon jy net sien vet waai. Ek het teen ’n pilaar

gaan staan om niemand agter my te hê nie en die Sweedse gesant was net voor my. Arme kêrel! Elke keer as die drie grysbaarde met hul snaakse gehuil begin, het ek sy mooi uniform van agter met vetbuie betakel. Sy klere het gelyk of daar 'n paar swerms bye op besig was en ek het my gelukgewens dat die man nie 'n pou was, wat alles van sy stertvere kon sien nie.

Die Sweedse gesant, met sy ou groot lyf, wat dril soos hy lag, was in die tussentyd weer besig om dieselfde vrendelike daad op die rug van sy Roemeense kollega uit te haal, wat weer op sy beurt besig was met die uniform van die Nederlandse gesant. Soos iets moet wees, die famielie van die dooie, het gelukkig almal rondom die altaar gestaan, en die lawaai van die nabootsers het onse ongepaste plesier gelukkig so gesmoor dat hulle net so nou en dan 'n geluid van ons gehoor het en hulle het gedog dit was maar van verdrietigheid. Ek het regtig later gehoor dat die famielie net baie ingenome was met onse teenwoordigheid en onse simpatieke houding, maar ek het nog nooit in my lewe so 'n plesierige begrafnis bygewoon nie.

## GOD MET ONS.

Elke ou Switserse huisie is 'n voorbeeld van keurige smaak en landelike bekoorlikheid. Heeltemal van hout opgetrek, omring deur 'n breë veranda, vorm hulle met die landskap 'n onafskeidbare en harmoniese geheel.

Een van die huisies, die geringste miskien, het veral my aandag getrek. Dit het teen die skuinste van die berg, by 'n klein baaitjie van die seetjie gelê, en het, so te sê heeltemal van die wêreld afgeskeie gestaan, verberg agter weelderige bosse, en rondom behang met fris druiveranke.

Ooreenkomstig die gebruik van die land was die gewelversier met opskrifte in ou Gotiese skrif: onder die dak 'n bybelspreuk om die seën van die Hemel in te roep; tussen die vensters 'n vroom wens om van vuur en wind bevry te bly; bo die ingang van die deur die naam van die stigters met die jaar van die bou, en in kleiner letters hierdie eenvoudige, maar treffende woorde:

„God met ons.”

In stille bespiegeling het ek die liewe woning aanskou. Ek het van die stille genoeë en die nederige deugde gedroom, wat agter die groen blare gehuisves het, en onwillekeurig het ek as 'n gebed die skoon spreuk, wat die huisie moes beskerm, herhaal, . . . toe 'n laggende koppie tussen die breë wingerdblare verskyn, en met 'n vrolike stem my toeroep: „Heer Belgiër, Heer Belgiër!”

Ek het verwonderd opgekyk; maar die eienares van die stem, 'n allerliefste Switserse meisie, het al voor my gestaan.

Dit was Brigitta, wat my herken, en my kom uitnoui het om haar woning te besoek. Die skuur en die stal moes ek gaan bekijk, toe op die veranda kom en in die



eetkamer gaan, waar 'n bejaarde man in 'n wye leuningstoel sit, en by 'n oop raam, met blote hoof en geboë rug, die bybel lees.

Brigitta het hom in kort woorde ons ontmoeting op die see vertel. Hy sit toe regop, soveel as sy kragte hom dit toelaat, reik my gulhartig die hand, en heet my welkom onder sy dak.

„Dit lyk of u veel moeite gehad het om die opskrifte van ons gewel te lees?” vra die grysaard my, na

ons mekaar gegroet het. „Dis waar,” voeg hy daarby, so baie jare is al verloop, van die bou van die huis af, en die tyd het al menige letter uitgewis.”

„Dis nie die oorsaak nie, maar die Duitse skrif bly altyd moeilik vir 'n vreemde; en dan, die eienaardigheid van die sinspreuke het my laat nadink,” en ek het hom my begeerte laat gevoel om daaroor 'n bietjie meer uitleg te kry.

„Dit behoort tot ons ou Switserse sedes en gewoontes, wat tot my spyt maar al te veel verlore gaan,” was die vriendelike antwoord.

„As vroeër 'n jong man 'n nuwe woonplek aanlê, en 'n nuwe famielie stig, het hy een of ander teks uit die Heilige Skrif gekies, en dit het sy motto geword, en was as 'n beskermingswoord vir die jong huisgesin. Toe voor lang, lang jare my goeie Anna—die Here mog haar beskerm—vir my haar liefde geskenk het, het ons ooreengekom om hierdie plekkie te kies om ons huisie te bou. Gedurende die tyd van ons verlowing het ek met eie hande hierdie huisie aanmekaar getimmer, en toe die laaste slag van die hamer geval het, het ek na haar vader toe gegaan, en vir hom gevra om met sy enigste kind te trou. Die goeie man het saam met ons hiernatoe gekom, en toe hy oortuig was, dat sy dogter 'n goeie plek sou kry, het hy sy toestemming gegee. Toe strek hy sy hande oor ons uit, hef sy oë na die hemel toe op, en het ons geseën met die woorde: ‚God sy met ons, my vrinde, en met ons nageslag.’ Ons het almal trane van vreugde en geluk gestort, en toe dit my later vergun word om my bruid onder my eie dak te bring, het sy bo die ingang die seën van haar vader gelees: ‚*God met ons.*’—

„Ons hele lewe lank, as ons na die werk toe gaan, het ons soggens vroeg altwee gesê: ‚God met ons;’ en as ons na 'n lang dag van swoeg en werk terugkom, was die woorde ons groet en ons troos.”

—„God het u wens verhoor? Vrede en tevredenheid is altyd u deel gewees?” het ek diep getref gevra.

„ Ons het, soos almal, ons teenspoed en ons beproewinge gehad; maar die Hemel het ons nie verlaat nie. Ons het ons dale oorstroom gesien van vreemde oorweldigers. Die Franse republikeine het in woeste drif ons valleie verwoes, ons dorpe verbrand, ons vaderland verneder. In die nare ure het ons altyd herhaal: ‚God met ons,‘ en die ou moed en die ou getrouheid van die vaders het ons gered.”

„ En nou!” het hy droefgeestig daarby gevoeg.

— „ O nou,” antwoord ek, „ het u niks meer te vrees nie. Switserland is beskut deur ’n bolwerk, wat sterker is as al die leërs, deur die toegeneentheid van die volke, wat in die Switserse kantons die oorsprong en die setel van die vryheid begroet.”

„ ’n Erger gevaar bedreig ons nou,” sê die ou man toe, met ’n toon van droefheid in sy stem, wat daarvan getuig hoe na aan sy hart die heil van sy geslag vir hom was. „ Dis nie alleen vir die onafhanklikheid van ons land, dis vir ons hele volksbestaan, vir ons sedes, ons gebruike, ons taal self wat ons moet beef.

„ Vroeër het ons vry en gelukkig in ons afgesluite valleie gewoon. Ons het welvaart en oorvloed in ons weilande en woude, vrede en geluk in ons eenvoudige lewenswyse gevind. Vir jare het skaars ’n enkele reisiger hier deurgedring: maar die sedeloosheid, die ondeug het vir ons vreemd gebly, misdade was vir ons byna onbekend. Die stroom van vreemdelinge bring nou miljoene in die land, maar tegelykertyd die bederf van die sede, die twis en die afguns tussen nabestaande en dikwels die oneer en die skande in die huisgesinne.

„ Ja,” herhaal hy, terwyl hy hom na Brigitta toe draai en haar hand druk, „ bewaar altyd, my kind, die kosbaarste ding, wat ’n volk kan besit, sy eie geaardheid en sy eie deug, en herhaal meer as ooit die spreuk wat die huisie van jou vader teen verval en ondergang beskut het.”

Die meisie, diep geroer, het haar trane nie kon bedwing nie. Sy het die ou grootvader om die hals geval, terwyl ek, diep bewoë, stil weggegaan het, en as 'n vaarwel aan die skipper se huisie het ek die spreuk, wat oor die ingang gestaan het, herhaal:—„God met ons.”

ANT. BERGMANN.—*Brigitta,--Een Zwitserse herinnering.*

## EDISON.


'n Mens hoor baie maal sê van hierdie of gene dat hy „die wonderlikste man in die wêreld” is. Maar waar vind jy 'n wonderliker man as Thomas Edison?

Op sesjarige leeftyd was hy op skool, was altyd die laaste in sy klas, en na verloop van drie maande het die skolmeester hom huistoe gestuur omdat hy „te dom was” om te leer.

Daardie drie maande was al skool wat Edison ooit gehad het. Sy verdere opvoeding as kind het hy van sy moeder ontvang. Toe hy nog maar ses jaar oud was het hulle hom eendag op ses ganseiers gekry wat hy probeer om uit te broei; op sy sewende jaar het hy een van sy vingers afgekap toe hy iets wou maak; en op sy agste jaar het hulle hom opgegee as versuip.

Toe hy tien jaar oud was, het hy sy eerste eksperiment gedoen. Hy kry 'n gedagte dat as 'n mens genoeg gas in hom het, dan sal hy kan opgaan en vlie. Hy gaan ook somar ses Seidlitz poeiers koop, haal 'n vrindjie van hom om om dit almal gelyk in te neem en staan en wag om te sien wat sal kom.

Op sy elfde jaar het hy vir hom tweehonderd bottels bymeakaargemaak, en het die toestemming van sy moeder



*Thomas Edison.*

verkry om 'n paar rakke en 'n bank te gebruik en 'n laboratorium in te rig. Wat hy in die bottels het wis hy self nie, sê hy; maar om seker te wees dat niemand hom daarmee sou bemoei nie, skrywe hy tweehonderd "Gif" papiertjies en plak een op elke bottel.

Toe hy 'n koerantejongetjie word op 'n sekere trein, het hy sy eie drukpers in die goederewa gehad en sy eie koerant gedruk. Sy koerant het egter nie al sy tyd in beslag geneem nie en so het hy die een kant van die goederewa ingerig as laboratorium en het beginne eksperimenteer. Eenkeer val daar fosforus op die vloer en die trein raak aan die brand. Die kondukteur was kwaad. Hy gee Edison 'n paar harde oorveë en van die dag af was hy doof. By die eerste stasie het hy hom met laboratorium en al uit die trein uitgegooi. Edison wou ook lees. Hy gaan na die biblioteek toe. Daar staan 'n ry boeke op die rak. Hy begin somar by die voorpunt en lees almal deur tot by die agterpunt. Toe begin hy met die tweede ry. Dit kon hom min skeel waarom dit handel.

Toe hy sestien jaar oud was het hy telegrafis geword, maar hy was so besig om uit te vind hoe hy die instrument kon verbeter, dat hy partykeer glad vergeet het om telegramme weg te stuur of af te gee, en... hulle het hom ontslaan. Toe lê hy vir homself 'n lyn aan tussen die huis van sy maat en syne en stuur dan saans boodskappe oor net vir pure plesier.

Nou kry hy 'n betrekking in 'n kantoor waar die rotte baas was. Een-twee-drie het hy 'n uitvinding wat hulle somar in klompe elektriseer. Toe moes die kakkerlakke verbykom. Gou-gou het hy vir hulle ook 'n uitvinding en het hulle somar in swerms doodgelê oor die hele plek. Dadelik moes hy weer trek.

In 1870 gaan Edison na Nu-York toe sonder 'n sent in sy sak. Hy bedel 'n bietjie tee by 'n tee-proewer en dit was sy eerste ontbyt in Nu-York — dieselfde stad wat hom later met eetmale en eerbewyse oorlaai het!

Op die vandusiës daar gebruik hulle 'n instrument, wat die stand van die beurs aangee en wat hulle „stock-ticker” noem. Die ding raak deurmekaar en elkeen beëter 'n bietjie daaraan maar niemand kan dit in orde bring nie. Edison sien dit en vra of hy nie kon probeer nie. Dit word toegelaat en binne vyf minute was dit agtermekaar. Die verbaasde superintendent vra die armhoedige geklede jong man na sy naam en versoek hom om die volgende dag by hom aan te kom. So het hy gedaan en hulle bied hom 'n betrekking aan.

„Ek sal jou driehonderd dollars per maand betaal,” sê die superintendent.

Edison was toe al doof, hy hou sy hand by sy oor en sê: „Herhaal dit tog asb. 'n bietjie weer.” Die superintendent doen dit. „Speel jy?” vra Edison. Hy het nog nooit soveel geld gesien nie, laat staan nog om dit elke maand te verdien.

Dit het nie lank geduur nie of Edison begin patente uit te neem vir sy nuwe uitvindings. Eendag neem hy 'n patent uit vir 'n uitvinding wat 'n telegraaf kompanjie juis net wou hê.

„Wat dink u sal 'n billike prys vir hierdie patent wees?” vra die president.

Edison het nie geweet nie en sê, hy sou dit maar aan die president oorlaat.

„Hoe lyk dit, sal veertigduisend dollars genoeg wees?” vra hy.

Daar gaan die hand oortoe, en Edison vra: „Sê bietjie weer, asseblief?” Dit word herhaal.

„O, ja,” antwoord Edison en neem dit glad nie ernstig op nie.

'n Week later ontvang hy sy tjek vir veertigduisend dollars. Hy kyk die ding aan en wis nie wat hy daarmee moes doen nie; en toe hy naderhand in die nabyheid van die bank kom waar dit moes getrek word, stap hy daar in en gee dit aan die kassier en staan en wag om te sien wat sal gebeur.

„Wel,” sê die kassier, „wat wil jy hiermee maak?”  
 „Nee, ek weet nie,” antwoord Edison ewe onskuldig,  
 „weet jy miskien? Is dit iets werd?”

Die verbaasde kassier gaan roep die bestuurder, en Edison moes by hom in sy kantoor kom. In die tussentyd stuur die kassier iemand na die kompanjie se plek toe met die versoek om dadelik 'n verantwoordelike persoon na die bank toe oor te stuur. Toe die president daarvan hoor kom hy self oor. Hy het gegis wat dit was en lê aan die kassier die saak uit. Hy stel voor om aan Edison die som in note van klein bedrae uit te betaal, en dan 'n detektief al agter hom aan te stuur om 'n oog op hom te hou dat hy veilig huistoe kon gaan.

Toe aan Edison die klein bergie note oorhandig word, het hy amper flou geval. Hy kyk na die bestuurder en glimlag. Hy dog hulle maak 'n grap met hom. Toe dit eindelijk vir hom duidelik word dat dit rêrig sy geld is, vra hy ewe naïef aan die bestuurder: „Wat sal ek daarmee maak?” Die man kry hom jammer, vertel hom dat hy 'n bankrekening kan open en sy geld deur middel van tjeks trek.

Edison kon nie gewoond word aan groot somme geld nie.

Vir sy volgende uitvinding het hulle hom honderdduisend dollars aangebied. Dit was vir hom te veel, hy kon dit nie verstaan nie en wou dit nie ontvang nie.

„Hou dit liewers by julle, dis daar veiliger,” sê hy. Gee my maar elke jaar sesduisend dollars vir sewentien jaar lank.”

En hulle het dit gedoen, en toe hy sy elektromotograaf aan dieselfde kompanjie verkoop vir 'n ander honderdduisend dollars het hy weer op dieselfde treurige manier die ding gereël.

„Ek sal dit net spandeer as ek dit het,” was wat hy sê.

'n Sekere Engelse firma stuur aan Edison 'n kabel en bied hom „dertigduisend” aan vir een van sy patente.

„Te goedkoop, Edison,” sê 'n vrind.

„Te goedkoop!” herhaal Edison. „Die ding is vir hulle nie meer werd as die helfte daarvan nie.”

„Julle kan dit kry,” kabel hy terug.

Binne veertien dae na die tyd ontvang hy sy tjek van honderd-en-vyftigduisend dollars. Die Engelse firma het natuurlik die som in ponde aangebied en nie in dollars nie.

„Dit slaan my dronk,” sê Edison.

Sy uitvindings het nou dik en vinnig gekom, want hy het vyf werkwinkels gehad en hy het hulle almal aan die gang gehou.

Sy manier om sy rekenings te betaal was net so snaaks. Hy bêre al die rekenings sorgvuldig en neem nie die minste notiese daarvan nie totdat daar wetlike stappe teen hom geneem word en daar 'n lasbrief van die hof kom. Dan betaal hy dit plus die hofkoste en hang die rekening aan 'n haak waar bokant staan, „Betaal.”

Daar kom sy fonograaf, en toe die mense in sy laboratorium dit hoor, wou hulle dit nie glo nie. Hulle sê hy is 'n buikspreker.

„Goed. Neem dan self die ding,” sê hy, en stap uit. Toe kom daar 'n gejuig.

Tien jaar lank het hy daaraan gewerk voordat hy dit op die mark wou sit. Die laaste keer wat hy daarmee besig was, het hy vyf dae en vyf nagte aangehou sonder om te slaap of te eet.

„Vat dit nou, ek is moeg daarvoor,” was sy laaste opmerking daaroor.

Niemand wou sy elektriese lig in hul huise hê nie, want hulle was bang daarvoor. 'n Mens sou vandag daarom lag, maar in 1881 was dit so. 'n Vrind het naderhand toegelaat dat hy dit in sy kantoor kon insit, en hy het

Edison belowe om nog 'n paar vrinde om te haal „om hulle te laat doodmaak en hul winkels te laat afbrand.”

Hy is naderhand getroud en kom terug van sy huweliksreis af. Hy stap padlangs van die stasie af toe 'n vrind hom teëkom en hom vra:

„Het u nie iets vergeet nie, mnr. Edison?”

„Iets vergeet?” vra Edison en klap met sy hande op sy hoof, om te sien of sy hoed nog daar is, en toe weer op sy baadjiesakke. „Nee, ek glo nie.”

„En waar is mev. Edison?” vra sy vrind.

„My genugtig!” antwoord hy, toe hy hom omdraai en haar nog op die platform sien staan. Sy lag vir hom en sê:

„Jy is darem 'n mooi een, né?” „Dit sal nie weer gebeur nie,” antwoord hy, maar dit het, net 'n week later.

Edison kan nie verdra dat jy hom 'n waarsêer, 'n towerenaar of 'n genie noem nie.

„Wat! Genie!” sê hy eendag. „Weet julle wat 'n genie is? Een persent inspirasie en neën-en-neëntig persent perspirasie.”

Edison het meer patente uitgeneem as enige ander man wat lewe. Hy het tot honderd in een jaar uitgeneem en het nou al oor 'n duisend wat op sy naam geregistreer staan.

Hy dink nooit oor tyd nie. Hy het eenkeer vir 'n jong man gesê: „Kyk nooit op 'n horlosie nie, uitgesonder as jy wil seker wees om vroeg genoeg in die môre aan die werk te gaan.”

Vyf-en-twintig jaar gelede was Edison laas by sy klere-maker. Toe het hulle sy maat geneem en van die tyd af, as hy 'n nuwe pak nodig het, lui hy hom maar net op en sê: „Net soos die laaste een. Ja, dieselfde.”

Eerbewyse het vir hierdie merkwaardige man maar min betekenis. Die Uniwersiteit van Pennsylvanië het vir drie jaar lank probeer dat hy na Philadelphia moes

kom om daar 'n graad aan hom te gee, maar elke keër laat hy net weet: „Baie spyt. Te besig. Bêre dit vir later.”

Toe die Oxford Uniwersiteit ook graag 'n graad aan hom wou gee, was dit dieselfde ding.

„Wat! Daarvoor oor die oseaan gaan! Te besig! Te besig!” was sy antwoord.

Eendag ontvang hy 'n medaljie en dit was die hoogste eerbewys wat 'n man in Nu-York kon te beurt val. Op pad huistoe laat hy die ding op die bank van die kár lê. Die drywer gee dit dadelik aan.

„O, ja,” sê Edison, „dankie! Maar ek sou dit nie gemis het nie.”

Sy grootste vrind was Henry Ford, die motorkarmaker.

„Henry is knap.” het hy altyd gesê. „Groot man, daardie.” Edison is nou al in die sewentig jaar oud. Soos alle groot geleerdes in die wetenskappe, so glo Edison ook in die Goddelike Almag.

„Baie mense het 'n mikroskopiese idee van die Skepper,” het hy eenmaal gesê. „As hulle maar net sy wonderlike werke, soos dit in die Natuur self geopenbaar word, en die natuurlike wette van die heelal bestudeer, dan sal hulle 'n baie breër idee hê van die Grote Skepper.”

## VIVIA PERPETUA.

Ook in die stad Kartago in die noorde van Afrika het die vervolging teen die Kristene uitbreek. Ryk en arm, jonk en oud, het hulle gegryp en in die gevangenis gegooi.

Onder daardie gevangene was ook Vivia Perpetua. Sy was 'n ryk en aansienlike jong vrou, nog maar twee-entwintig jaar oud. Sy het een kindjie gehad, wat sy baie liefgehad het. Daar in die tronk mog die kindjie nie by haar wees nie. Sy het self gesê: „Hoe het ek tog geskrik toe ek in die kerkerhol inkom. Wat was dit daar tog akelig donker en benoud! Hoe het dit my gesmart om van my kindjie geskeie te wees.”

Dit was dan ook nie 'n wonder dat hierdie jong vrou, wat altoos in oorfloed gelewe het nie, weggekwyn het in die gevangenis, meesal uit verlange na haar kindjie, wat nog nie eers 'n jaar oud was nie. Maar God het haar ook hier getroos, want die ouderlinge van die gemeente in Kartago het naderhand verlof gekry om haar kindjie weer by haar te bring.

Haar vader was nog 'n heiden en toe hy hoor dat sy oor 'n tydjie in die openbaar sou ondervra word, snel hy na haar toe, om haar te smee om tog maar weer na die heidendom toe terug te kom.

„Het tog medelyde met my grys hare,” sê die ou man. „Het ek nie alles vir jou gedoen nie? Ek wil nog meer vir jou doen, as jy net gehoorsaam is. Dink aan jou moeder! Dink aan die klein kindjie, wat jy daar op jou skoot het; sonder sy moeder sal dit seker sterwe! Maak my nou nie tot skande voor die hele wêreld nie, sweer maar daardie wangeloof af!”

Die woorde van haar vader het haar hart seergemaak, maar sy kon nie gehoorsaam nie.

Eindelik moes sy op die mark voorgebring word. Haar vader kom met haar seuntjie in sy arms en sê: „Erbarm jou oor jou kind en sweer die gekruiste af!” Sels die hardvotige regter het medelyde met die ou man gekry en sê: „Het eerbied vir die grou hare van jou vader en doen wat hy verlang!” Maar die enigste antwoord wat Perpetua gegee het, was: „Ek is 'n Kristin.”

Hulle het haar toe veroordeel om by die feeste voor die wilde diere gegooi te word. Die ou vader het wanhopig geword, toe hy dit hoor, en moes met geweld weggedryf word. Maar haar lyding moes nog swaarder word. Toe sy weer in die gevangenis teruggebring word, was haar kindjie nie daar nie. Sy stuur 'n boodskap aan haar vader, maar hy stuur die kindjie nie terug nie. Hy het gehoop om haar daardeur te dwing om die Here Jesus te verloën.

Maar sy bly standvastig. Perpetua en nog 'n Kristen-slavin, Felisitas, moes deur 'n woedende koei gedood word.

Die twee vroue word ontkleed en in nette gewikkel. Maar toe hulle daar so staan, het sels die hardvotigstes medelyde gekry en geroep: „Maak hulle los!” Nou word hulle uit die nette losgemaak en elkeen kry weer haar eie klere aan. Weer word hulle voor die koei gegooi wat op altwee die vroue aanval.

Felisitas word met gekneusde ledemate op die grond gegooi en Perpetua het diep wonde ontvang. Die twee martelaresse gryp mekaar aan die hand, en so staan hulle daar, die ryk, aansienlike Perpetua, en die arme slavin Felisitas, elkeen met 'n doodsbleek gelaat en wag op 'n nuwe aanval van die woedende dier.

Die skare word deur die treffende gesig weer tot medelyde beweeg. Hulle word teruggeroep en moes na die middel van die plein gaan, om die genadeslag te ontvang.

Felisitas was spoedig 'n lyk. Die jongeling, wat Perpetua moes dood, was nog so onhandig, dat hy haar slegs 'n ligte wond gegee het. Toe vat sy self sy bewende hand en hou die dolk reg op haar keel. Nog een oomblik en Perpetua was nie meer nie.

„Wie Vader of Moeder, soon of dogter liefhet bowe My, is Myns nie waardig nie.”

V. R. in *De Buitenschool*.

## LEONIDAS IN DIE KLOOF VAN THERMOPYLAE.

Moeilik en langzaam het die Persiese mag sonder om teenstand te vind voortgetrek tot by die kloof van Thermopylae, wat na die hartjie van Griekeland lei. Hier, waar die see aan die eenkant en die steil gebergte aan die anderkant net maar 'n smal paadjie gelaat het, het die Spartaanse koning Leonidas met driehonderd Spartane en enige troepe van die bondgenote gestaan. Xerxes het lekker gelag toe hy hoor, dat die klompie daaraan dink om sy miljoene teë te hou, en hulle vir die stryd net soos vir 'n fees opgeskik het. Hy het boodskappers gestuur met die order dat hulle dadelik die wapens moes uitlewer. „Kom, haal hulle maar,” was die antwoord, en toe dit aan die Grieke gesê word, dat die vyand so talryk was, dat hulle peile die son sou verduister, het 'n Spartaan koelbloedig geantwoord: „Soveel te beter, dan kan ons in die skaduwee veg.”

Nog het Xerxes gedraal om aan te val. Hy kon dit nie glo dat so 'n handjievul mense werklik teenstand wou bied; daarom het hy hulle vier dae tyd gegee om te dink; miskien, so het hy gedink, sal hulle van self omdraai en wegtrek. Toe het hy sy Asiatiese soldate teen die hol pad laat opruk. Daar het die Grieke gestaan, dig bymekaar, man aan man; in die linkerhand het hulle 'n

skild gehou, wat voor hulle rye as 'n yster muur geloopt het, waarvan die pyle van die Barbare met geraas teruggevlie het. Met die regterhand het hulle 'n bos langspiese voor hulle uitgesteek. Skaar op skaar het aangestorm en probeer om daardie bos deur te breek, maar elke keer is hulle oor die lyke van hulle eie mense weer teruggewerp. Xerxes het toe die dapperste van sy leer, die „onsterflike skaar” genoem, laat opruk. Maar ook hulle word gedood. Geen een van die Perse wil meer waag om aan te val nie. Somwyle het die Spartane 'n krygslis gebruik, en gevlug;—maar onverwags het die dapper manne omgedraai en manne en perde neergestoot. Xerxes het dikwels van sy sitplaas opgespring, as hy sy beste krygsmanne sien val; hy het gewoed en geraas, en sy skare met sweepslae na die hol pad laat drywe, waar vir hulle 'n seker graf klaargemaak was. En hier sou miskien die hele Persiese mag vir die dapperheid van 'n paar honderd Grieke beswyk het, as daar nie 'n verraaier gewees het—Ephialtes was sy naam—wat aan die Persiese veldheer 'n geheime voetpad oor die gebergte gewys het nie.

Die Perse het nou in die stilte teen die berg opgekruip, en die steil hoogtes oorgeklim, en het die Grieke, wat nou verraaier was, in die rug aangeval. Hierdie manne het nou hulle onvermydelike dood voor oë gesien; maar hulle wil hulle lewe so duur as moontlik verkoop. Woedend het hulle hul op die vyande gegooi, wat soos gras onder die sens van 'n maaier onder hulle slae geval het. Toe die spiese van die dapper Spartane verbreek was, het hulle met 'n kort sabel die vyand aangeval. Daar het Leonidas, na hy as 'n held gestry het, in hierdie geveg geval, en met hom baie van die dapper Spartane. Om sy lyk in hande te kry het 'n groot toeloop van die Perse en die Lasedemoniërs ontstaan, totdat die Grieke deur hulle dapperheid die oorhand gekry het en dit weggevoer het, nadat hulle driemaal die Perse op die vlug gejaag het. Maar nou het die vyande van alkante op die

Griekse leër, wat aldeur kleiner geword het, aangedring, totdat die dapper manne teenoor die oormag moes toegee.

Van die driehonderd Spartane het almal op een na, Aristidemus genoem, die heldedood gesterwe. Hy was by 'n ander Spartaan, Eurytos genoem, wat om 'n gevaarlike oogsiekte deur Leonidas weggestuur was. Toe hulle nou hoor, dat die Perse die berg oorgetrek het, het Eurytos sy wapenrusting geëis, dit aangetrek, en sy dienaar bevelgegee om vir hom na die plek van die stryd te bring. Toe hy daar aankom, het hy hom in die vyandelike bende ingewerp, en is gedood geword. Aristidemus egter het sy lewe gered deur te vlug. Maar in Sparta het al die burgers hom vir eerloos verklaar; niemand het meer met hom gepraat nie, niemand het 'n vuur vir hom durf aansteek nie. Die kinders het hom genoem „Aristodemus, die Wegloper.” Sulke skimp kon hy nie sluk nie; hy het later in die slag van Platea geveg, en het vir hom daar so dapper gedra, dat hy sy skande uitgewis het.

So was die stryd van die Grieke by Thermopylae, in Junie 480 v.C. Na die geveg het Xerxes die strydplaas besoek, en toe hulle die lyk van Leonidas gekry het, het hy, teen alle gebruik en reg, sy hoof laat afkap en die liggaam smadelik aan 'n kruis laat ophang. Maar die Grieke het naderhand op die plaas, waar Leonidas geval het, 'n leeu van klip en 'n gedenkteken laat oprig met hierdie opskrif:

„Wandelaar, kom jy na Sparta toe, maak dan daar bekend, dat jy ons hier gesien lê het, net soos die wet van ons land ons gebied het.”

A. W. GRUBE.



*Robinson Crusoe.*

## ROBINSON CRUSOE EN SY FAMILIE.

Wie van julle het al die boek „Robinson Crusoe” gelees? Julle weet hy was allenig op ’n eiland, waar geen ander mens van hom geweet het nie. Hy was die enigste wat daar lewendig uitgekom het van die skip, wat naby die eiland vergaan het. Jare het hy daar so allenig gebly; en nou wil ek dat hy aan julle vertel hoe hy met sy paar diere daar geboer het:—

Ek was nou al drie-en-twintig jaar op hierdie eiland en ek was die plek so gewoon dat, as ek nie bang was dat daar eendag wildemense sou kom nie, dan sou ek die ander end van my lewe ook maar daar wou slyt.

Ek het darem ook my plesier gehad en dit het my gehelp om die tyd om te kry. Ek het Pol, my pappegaaï, geleer om te praat, en hy kon dit so oulik doen dat dit vir my werklik ’n plesier was. Pol het nie minder as ses-en-twintig jaar met my saamgewoon nie. Hoelank hy daarna nog gelewe het, weet ek nie. Pappegaaie kan baie oud word. Ek hoor in Brasilië word hulle tot honderd jaar oud.

My hond was ’n gawe maat en ’n getroue vrind vir sestien jaar lank, en toe is hy van ouderdom dood.

My katte, wel hulle het in die begin so vinnig vermenigvuldig dat ek party van hulle moes doodskiet, want anders sou hulle my dalk naderhand heeltemal vervreet het. Toe die twee oues, wat ek met my saamgebring het dood was, en nadat ek die ander klomp gedurig weggeja en geen kos gegee het nie, het hulle almal wild geword en in die bosse geboer. Ek het net ’n stuk of twee, drie gehou en die kleintjies het ek altyd versuip. Dit was ’n gedeelte van my famielie.

Daarby het ek nog twee of drie bokkies gehad wat ek geleer het om uit my hand te eet. Ek het ook meer pappe-

gaaie gehad, wat taamlik kon praat, en almal kon roep „Robin Crusoe,” maar daar was nie een so goed as die eerste ou nie. Ek het darem ook nie soveel moeite met hulle gedoen as met die eerste nie.

Ek het ook 'n hele paar mak seehoenders gehad, ek ken hul name nie, wat ek op die strand gevang en die vlerke afgeknip het. Die stokke wat ek voor die wal van my fort geplant het, het nou al opgegroeï tot 'n groot digte bos. Die hoenders het daaronder geboer en daar gebroei en dit was vir my net baie mooi. Ek was al net heeltemal tevrede met my woning daar.

Ek het nou nie net bokvleis gehad nie, maar ook melk. Dit was dinge wat ek in die begin nie eers aan kon dink nie. Ek het ook dadelik 'n melkery aan die gang gesit, en party dae het ek tot twee gellings melk gekry van my bokke.

Ek, wat nooit 'n koei gemelk het nie, nog minder 'n bok, wat nooit gesien het hoe kaas of boter gemaak word nie, moes nou met al die dinge begin. Na 'n bietjie sukkel het ek gou koers gevat. Hoe goed is onse Skepper tog vir ons, selfs al lyk dit of 'n mens met totale ondergang bedreig word! Wat 'n heerlike tafel was hier in die wildernis nie voor my gesprei nie, waar in die begin die hongerdood my in die oë gestaar het.

Dit sou elkeen laat glimlag om my en my klein familie aan die tafel te sien. Daar was ekself, die koning en baas van die hele eiland. Ek het die lewes van al my onderdane in my hand. Ek kon vrylaat wie ek wil, en die wat ek nie wou vrylaat nie, moes bly; en my onderdane het nie gedink aan opstand nie.


En kyk tog hoe sit ek soos 'n koning aan die tafel, omring deur my diensbodes. Pol, net of hy my liefing was, was alleen toegelaat om met my te praat. My ou hond, wat nie meer tande in sy bek het nie, sit altyd aan my regterhand; die twee katte, een aan elke kant van die tafel, verwag altyd iets uit my hand as 'n teken van spesiale guns.

*Defoe.*

## DIE SPAANSE ARMADA.

Die jaar 1588 het begin met 'n algemene verwagting deur geheel Europa dat dit in die jaarboeke sou uitblink deur seldsame gebeurtenisse, en verbasingwekkende omwentelinge. Verskeie sterrekrykers het, soos die gelyktydige geskiedskrywers ons vertel, sulke dinge voorspel; en die toestand, waarin die twee vernaamste koninkryke van Europa hulle bevind het, was so, dat 'n slim opmerkèr sonder die lot van die volke uit die tekens van die lug te voorspel, dit kon gewaag het om vooruit te sê, dat daar 'n groot gebeurtenis digteby was.

Spanje het hom op so 'n manier toegerus, dat mens iets buitengewoon kon verwag het. Drie jaar lank het Filips al die mag van die lande in Europa, waaroor hy regeer het, bestee, en die skatte van Indië uitgeput in voorbereidings vir die oorlog. Die grootste vloot wat destyds ooit gebou was, het klaar gelê om van Lissabon af weg te seil; 'n talryke landmag was bymekaargebring om aan boord te gaan. Die bestemming van die vloot was nog onbekend, ofskoon baie omstandighede dit waarskynlik gemaak het, dat hierdie slag in die eerste plek op Engeland gemik was. Elisabet het 'n hele tyd heimlik hulp gestuur aan die Nederlande, wat teen Filips in opstand was, en het naderhand openlik aan hulle beskerming verleen. 'n Groot gedeelte van haar krygsmag was daar in diens. Die graaf van Leicester het bevelgevoer oor haar troepe, en sy het die hand gehad in die burgerlike bestuur van die land, waar party van die aansienlikste stede in besit was. Haar vlote het die kus van Spanje in onrus gebring, die galjoenskepe uit Wes-Indië opgevang, en die kolonies daar bedreig. Filips, deur soveel beledigings geterg, deur gevoelens van eersug



*Die Spanische Armada.*

verlok, en besiel met 'n bygelowige ywer om die Rooms-Katolieke godsdiens voort te plant, het besluit om nie alleen Engeland aan te val nie, maar om die koninkryk in te neem, waarop sy afkoms uit die huis van Lancaster, en die gif van Pous Sixtus V. hom, volgens sy oordeel, 'n dubbele reg gegee het.

Die wens van Filips om Engeland te oorwin, het hom nie met die wakkerheid en spoed besiel, wat nodig was om die gelukkige uitslag van so 'n gewigtige onderneming seker te maak nie. Sy vloot, wat al in April in die see moes gegaan het, het nie voor die middel van Meimaand in die Engelse Kanaal verskyn nie. Enige dae het die skepe hulle langs die kus gehou, met die hoop om hulle te verenig met die vloot van die Prins van Parma, wat deur die Hollandse skeepsmag in die hawes van Vlaandere geblokkeer was. Allerhande ongelukke het die Spanjaarde getref. Een storm na die ander, en seegevegte te bekend om hier nog vertel te word, het meegewerk met hulle eie slegte bestuur om hierdie onderneming te laat misluk. En deur die seën van die Voorsienigheid, wat met 'n besondere sorg oor die vryhede van Brittanje gewaak het, het die Engelse 'n vloot, wat die Spaanse hoogmoed op verwaande manier die „onverwinlike” genoem het, verslaan. Nadat die Spaanse vloot uit die Engelse seë weggejaag was, het die kommandante dit noodsaaklik geag om by Skotland en Engeland verby koers te hou na Spanje toe. Baie van hulle het skipbreuk gely op die gevaarlike en onbekende kuste. Ofskoon Jakobus sy onderdane onder die wapens gehou het om op die bewegings van die Spanjaarde te let, en te verhinder dat die vyande aan land kon kom, het hy sewe honderd, wat deur die storm op die strand gegooi was, met alle vriendelikheid ontvang, het hierdie manskappe versorg met wat hulle nodig gehad het, en hulle na hulle land laat terugkeer.

WILLIAM ROBERTSON, D.D.—*Geschiedenis van Schotland.*